KERKBODE

Dié interkerklike dankdiens het op 10 November op Laaiplek aan die Weskus plaasgevind. Foto: DJ Muller van Kaapkerk

Gemeenskap bring dank te midde van trane

HELÉNE MEISSENHEIMER

Op ’n bewolkte Sondagoggend 10 November het meer as tweehonderd mense saamgekom op ’n sementkaai langs die Bergrivier om vir God dankie te sê vir die jaar se visseisoen wat verby is, maar ook om as gemeenskap om ’n gesin te kom staan wat hartseer is.

Megan Fransman het hardop gehuil terwyl sy ’n blommekrans in die rivier se waters moes gooi vir haar man Jeffrey (35). Hy het in April vanjaar oorboord geval van ’n vistreiler en is nooit gevind nie.

Om haar was hulle drie klein seunjies, sy tienerdogter en van hulle familie. Terwyl sy na die rivier gestap het, het die mense wat in hulle motors na die diens gesit en luister het, hulle toeters gedruk. Na die tyd het oral mense gesit wat trane afdroog.

Kerkbode en DJ Muller van Kaapkerk was saam hier. Ons kon beleef hierdie is ’n klein hegte gemeenskap waarin een of meer in menige familie op een of ander manier by die visbedryf betrokke is. Dikwels al vir geslagte lank.

Dit is al vir meer as 12 jaar tradisie om die visseisoen op dieselfde sementkaai langs die Bergrivier te begin met ’n opelugdiens wat jaarliks deur honderde mense bygewoon word.

Volg die skakel vir 'n VIDEO

Ons kon beleef hierdie is ’n klein hegte gemeenskap waarin een of meer in menige familie op een of ander manier by die visbedryf betrokke is. Foto: DJ Muller

Die idee vir die dankdiens het meer onlangs gekom van pastoor Christopher Horn.

Hy is ’n oud-polisiekapelaan wat so ’n paar jaar terug vanuit die Kaap hier kom aftree het en nou ’n eie gemeente het.

Horn het na die tyd vertel dit was in sy hart dat so ’n diens gepas sal wees.

Hy het dit eers alleen gedoen, maar vanjaar was hulle vyf kerke wat saamgewerk het. Hy noem hy dink hierdie eenheid tussen hulle vyf kerkleiers is goed vir hulle gemeenskap om te sien.

Die woorde van die eerste lied was: “We are standing on holy ground”. Dié belewenis kon ’n mens laat voel jy was inderdaad op “heilige grond”. Die gedagte deel Veldrif se eerste NG vrouedominee Elize Stander en *Kerkbode* met mekaar aan die einde van die diens.

Sy, ds Charl van Rensburg van Laaiplek en ds Tony Masent van die VGK het met Horn en nog ’n pastoor hande gevat.

Elkeen was op ’n manier deel van die oggend se twee-uurlange program met PPK-pastoor Jan Afrikaner se boodskap wat gekom het uit 1 Tessalonisense 5:18: “wees in alle omstandighede dankbaar …”

Kort na elfuur was die laaste amen verby en die parkeerterrein leeg … tot daar ’n Sondagoggend kom in Januarie. Dan gaan hulle God se hulp vra vir die nuwe jaar se visseisoen.

“Dis die Weskus, dis die plek vir my … met die sout in ons bloed,” sing iemand mos.

Kortliks:

Chris van Wyk tree uit pos

Met die vergadering van die Algemene Sinode Moderamen (29-31 Oktober) was dit in ’n verrassende wending dr Dewald Davel wat namens afgevaardigdes uit **Oos-Kaapland** terugvoer gegee het tydens die gebruiklike verslagdoenge-leentheid deur elkeen van die moderators van die NG Kerk se tien samestellende streeksinodes.

Dr Chris van Wyk het by navraag oor sy afwesigheid by die vergadering in Benoni gesê: “Ek het bedank uit my pos as voorsitter. Die verskille rondom die hantering van selfdegeslagverhoudings in die praktyk van die sinode (NG Kerk in Oos-Kaapland) het te groot geraak tussen my en die dagbestuur. Ek kon nie langer met ’n goeie gewete voortgaan nie.”

R107 000 gesteel ná oesfees in Vrystaat

Die NG Kerk in Afrika op Parys in die **Vrystaat** het sowat R107 000 bymekaar gemaak tydens ’n groot oesfees, het dr Leon Foot in ’n kort streeksverslag aan afgevaardigdes by die NG Kerk Algemene Sinode Moderamen se vergadering vertel. “Voordat hulle dit kon bank, word dit beroof.”

Dreyer lei nuwe interkerk-werkgemeenskap

’n Werkgemeenskap vir Historiese Teologie (WHT) is op 6 November in **Pretoria** gestig tydens die 200-jaar-herdenking van die eerste sinodale vergadering in Suid-Afrika.

Die doel van die WHT is navorsing en publikasie op die terrein van teologiegeskiedenis, kerkgeskiedenis, sendinggeskiedenis, dogmengeskiedenis asook kerkreg en ekklesiologie, het prof Wim Dreyer van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, gesê tydens ’n driedagkonferensie oor die tema “Kerkwees 200: Verlede, hede en toekoms”.

Waar kry ek betroubare digitale geloofshulpbronne vir ons gemeente? Besoek gerus www.missio.org.za



Maklike toegang
Aflaaibaar + aanpasbaar
Slim soekfunksie

Verken maklik, vind alles met een klik.

Woord en Fees

Preek- en erediensbeplanning, toeganklik en maklik gemaak

50+ volledig uitgewerkte eredienste met liturgieë en preekriglyne, met *Leesrooster vir lidmate* ingesluit.

Jeugfokus Kategese+

Môre se kategese, vandag beskikbaar

Vorm kinders en jongmense se geloof met dinamiese, digitale, eietydse en interaktiewe ontmoetings.

e-Jaarboek

Digitale gids tot handige kerkinligting

Geniet die gerief van onmiddellike toegang – altyd beskikbaar, altyd byderhand.

Kerkmusieklisensie

Die grootste liedbiblioteek - waar geloof en aanbidding ontmoet

'n Gebruikersvriendelike digitale musiekplatform vir al jou gemeente se musiekbehoeftes.

BM Bybel-Media

Direkte bestellings: **bestel@bmedia.co.za**
Telefoon: **021 864 8210** | WhatsApp-hulplyn: **079 881 2729**
E-aankope: **www.bybelmedia.org.za**

Kaapse NG en VG gemeentes se ‘soccer friendly’ was viering van saamwees

Die sportdag wat lidmate van die gemeentes van die NG Ring van Durbanville en die VGKSA Ring van Kraaifontein onlangs gehou het was ’n viering van saamwees en gemeenskapsgees, alles deur die Here se genade, skryf ds **Cecile Murray-Louw**.

Ons “soccer friendly” van Saterdag, 12 Oktober, het nie net die grasvelde van Durbanville Gemeente aan die brand gespeel nie maar ook harte laat warm klop. Spanliedjies het weergalm. Die energie was tasbaar. Op die veld was spanne van VGK Kraaifontein, NGK Kraaifontein-Noord, NGK Durbanville, Fisantekraal se Barcelona FC, en Parow se Antioch Reformation Ministries, maar dit was die Durbies se seunspan wat op die ou einde met die trofee weggestap het.

Sommige was sommer kaalvoet, maar dit het nie saak gemaak nie.

’n Seunshokkiespan wat ook ingeskryf het om sokker te speel het ’n spangees-toekenning gekry vir hulle positiewe gesindheid.

VGK Durbanville kon nie ’n vol span op die been bring nie, maar hulle het steeds kom ondersteun.

Vooraf het skenkings van blikkieskos, reukweerder, toiletpapier, seep en tandepastaware ingekom as “inskrywingsfooi” vir die Durbanville-kinderhuis. Dit was vir my besonder hartroerend om te sien hoe kinders wat self min het, vrygewig bygedra het om ander te help. So is ons herinner aan God se oproep om na mekaar om te sien, veral na diegene wat dit die nodigste het.

Die dag was vol opwindende wedstryde, maar die ware oorwinning

was die eenheid en vriendskappe wat die dag gemaak is. Dít het die positiewe terugvoer vanaf sommige deelnemers bevestig:

Vukile, van die wenspan: “Ons kinders kan nie ophou praat oor die wonderlike dag nie en sien uit na die volgende een. Baie dankie aan almal wat die dag vir hulle spesiaal gemaak het!”

Esther Blackaller, die maatskaplike werker by Durbanville-gemeente: “Die reëlings was goed beplan en die inskrywingsfooi met benodigdhede vir die kinderhuis was in die kol. Ons sien uit na die volgende sokkerdag!”

Lizl Marx: “The soccer day was a really fun and happy day for the teams. They enjoyed it and the competition between the teams was positive and a very good idea to mingle! The soccer day can become an annual event!”

John Sochop van Barcelona FC in Fisantekraal: “Dit was ’n goeie wegbreek van die alledaagse lewe. Om die vreugde op die kinders se gesig te sien, het die dag vir ons die moeite werd gemaak.”

Prop Kholosa Gxabe: “The day was amazing, filled with joy and excitement. The effort that was put into making the day a success was definitely worth it. Seeing people from different backgrounds and generations mingling with each other and the gap the day managed to reduce was great to witness.”

Jean van Niekerk, jeugwerker by Durbanville-gemeente: “Die sokkerdag was ’n wonderlike geleentheid vir die kinders om op sosiale vlak kinders van die ander gemeentes te ontmoet. Van klein tot groot het deelgeneem en dit was ’n dag om te onthou vir elke deelnemer!”

Chris-Mari Marx van Durbanville-gemeente: “Dit was ’n verskriklike lekker dag en baie pret! Dit was baie lekker om nuwe mense te leer ken en ’n nuwe sport te speel. Dit het my geleer oor spanwerk en om net *carefree* aktief te wees. Om te sien hoe *overjoyed* almal is oor die klein goedjies en oor ’n wen was *amazing*.

Ds Johann Theron van NGK Kraaifontein-Noord: “NGK Kraaifontein-Noord Jeug het die sokkerdag baie geniet. Daar was ’n lekker atmosfeer en nuwe vriende is gemaak. Daar het ook baie moeite ingegaan in die organisasie, nogal met pryse en al. Baie dankie aan al die organiseerders en ons sien uit na die volgende jaar se gesamentlike sokkerdag.”

"Hierdie geleentheid het gewys hoe maklik dit is om saam te kom rondom ’n gemeenskaplike passie soos sport. Ons jeug het mekaar se geselskap kon geniet en wonderlike herinneringe gemaak. Hulle onskuld en vreugde was ’n lewende bewys van Christus se oproep om mekaar lief te hê.

'n Spesiale woord van dank aan my mede-organiseerders van VGK Kraaifontein, ds Don-Marco Jonaan en prop Kholosa Gxabe. Deur God se genade kon ons ’n platform skep wat eenheid en samewerking gevier het, en bewys het ons kan saamwerk vir ’n groter doel.

Ons sien met verwagting uit na meer geleenthede om in diens en gemeenskap te verenig. Psalm 133:1 sê mos: “Hoe goed en hoe lieflik is dit as broers in eenheid saamwoon!”

Soos ds Jonaan gesê het: “Dié dag sal altyd onthou word as die dag waarop URCSA en DRC geskiedenis gemaak het in die ringe van Kraaifontein en Durbanville. Aan God al die eer!”

Ds Cecile Murray-Louw is diensleraar by die NG Gemeente Durbanville.

Warm op die web: kerkbode.co.za

Elders gesien: Ring vind saam inspirasie

Die Ring van Fauresmith het onlangs saam die Global Leadership Summit te Bloemfontein bygewoon. Vir die meerderheid van die afgevaardigdes was dit hulle eerste ‘Summit’. Die propvol dag was gevul met ’n verskeidenheid van sprekers en denkleiers van regoor die wêreld wat hulle insigte gedeel het. Ds Mias Nortier, voorsitter: Ring van Fauresmith, NG Kerk Vrystaat, vertel meer:

“Gedurende die geleentheid was ons uitgedaag om leierskapsbeginsels te herdefinieer, veral rondom verhoudings, kommunikasie, veerkragtigheid en diensleierskap. Sessies het die belangrikheid van aanpasbaarheid in ’n voortdurend veranderende wêreld beklemtoon en leiers aangemoedig om uit hulle gemaksones te tree en nuwe strategieë vir gemeenskapsbetrokkenheid en dissipelskap te omarm.

“Daar is in besonder gefokus op die belangrikheid van hoe ons mense laat voel in ons teenwoordigheid en gemeentes. Praktiese gesprekke en werklike voorbeelde het die leiers in die ring aangespoor tot vars idees geïnspireer oor gemeentewees in die Ring van Fauresmith.

“Die ervaring het ons met inspirasie en ’n uitdaging gelaat om egte, Bybelse leiers in ons plaaslike gemeenskappe te wees. Saam met die afgevaardigdes was

ook verteenwoordigers van ander denominasies en maatskaplike organisasies teenwoordig.

“Ons wou hierdeur getuig van eenheid in ons dorpe en ring. Hierdie was ’n baie geseënde eerste probeerslag en ons is nuuskierig vir die toekoms, afwagtend op die wil van die Here.”

> **Vervolg op bl 16**

Ek is te hartseer om Afrikaans te praat

CHRISTO BENADÉ

Nika was ’n besonderse hond. Sy het lang swart krulhare gehad en 40 kilogram geweeg. Sy was ’n Black Russian Terrier, ’n unieke ras wat deur die Red Star Kennel geteel is om die Russiese soldate tydens die Tweede Wêreldoorlog te help. Die ras is baie lojaal aan hulle eienaar, gewoonlik een persoon in besonder. So het Nika my gevolg waar ek ook al gegaan het. As ek by my lessenaar gesit het, het sy langsaan in die sonkolletjie gelê. Werk ek in die motorhuis, dan lê sy tussen die houtskaafsels en geraas tot ek klaar is.

Nika was so agt jaar oud toe ons begin agterkom daar is iets fout met haar. Die veearts was die volgende stop. Sy het vermoed dat Nika kanker het, maar dit moes met ’n ondersoek onder narkose bevestig word. Ek het haar tot by die hok agter in die veearts se gebou geneem en gegroet. Gegroet met die wete, dalk is dit die laaste sien. So is ons daar weg met ’n swaar hart, wagtend op die uitslag. Op pad huis toe besef ek dat dit wreed sou wees om haar wakker te maak uit die narkose, net om haar dan te laat uitsit. Toe kom die oproep van die veearts. Ons liefdevolle, empatiese veearts wie se moedertaal Engels is, begin in

Afrikaans met my praat en dra die slegte nuus oor – daar is niks wat sy vir Nika kan doen nie. Toe ek haar wil antwoord, besef ek dat ek myself nie in Afrikaans kan uitdruk om die besluit oor te dra nie. So hoor ek myself sê: “I am too sad to speak Afrikaans.”

Hierdie ervaring dra ek die afgelope twee jaar saam met my. Is daar iets meer aan die verband tussen taal en emosie as bloot my ervaring, wonder ek? So lees ek die studie in die tydskrif *Nature*, wat in 2022 deur Marcin Naranowicz gepubliseer is, wat gevind het dat daar wel ’n sterk verband is tussen moedertaal en emosie. Tweetalige mense het ’n sterker emosionele reaksie op emosionele stimuli wat hulle in hulle moedertaal hoor. Die omgekeerde is dat ons inligting wat ons in ’n tweede taal ontvang, meer kognitief prosesseer.

Hierdie navorsing het ’n tweede vraag by my as leraar wakker gemaak: Wat is die implikasies van moedertaalgebruik in geloofservaring? Geloof is ’n holistiese ervaring waar ons met ons hele wese in verhouding met God staan. Ons lees die Bybel nie net kognitief nie, maar ook met ons emosies, wil en liggaam. As ons aanbid, doen ons dit met ons verstand, mond, hande, voete, oë, ore en neus. Daar is geloofservarings wat ons hoendervleis gee en ander waar ons trane afgedroog word. As ervarings in ons moedertaal ’n sterker emosionele lading het, maak dit sin dat godsdienstige ervarings in ons moedertaal ook ’n groter impak gaan hê as ervarings in ’n tweede taal.

Die missioloog Lamin Sanneh plaas groot klem daarop dat die evangelie die effektiefste oorgedra word in ’n persoon se moedertaal. Die kerk is juis gestig op ’n dag waar die Gees ’n taalwonder (Hand 2) doen, waar elkeen die evangelie in sy eie taal hoor. Die kerk is geroep om die eeue oue evangelie voortdurend weer nuut te vertaal in elke taal en konteks. Om mense se moedertaal te gebruik beteken dat ons hulle taalwêreld respekteer met sy beelde en idiome, sodat die evangelie daar kan tuiskom, soos dit deur die jare in Afrikaans gebeur het. Die vraag na jou moedertaalgebruik is egter nie ’n ongekompliseerde vraag nie. In ons eie huis het ons kinders ’n groot deel van hulle vormingsjare in Brittanje spandeer. Vir ons as ouers het die tyd daar min verander aan die feit dat Afrikaans ons moedertaal is. Vir hulle is dit dalk anders; hulle dink, droom en ervaar dalk die lewe en geloof in Engels.

Die beginsel bly egter dat ons elkeen ’n hartstaal het, ’n taal waarin ons liefkry, kwaad word en aanbid. In ’n land waarin daar elf amptelike tale is en nog baie meer dialekte en kleiner taalgroepe, moet ons die ruimtes behou waarin mense met hulle hele menswees kan kommunikeer en aanbid. Ons menswees is ook gekoppel aan die erkenning dat elkeen van ons ’n hartstaal het. Erkenning van ons elkeen se unieke menswees lê juis daarin dat ons respek het vir hierdie hartstale. In die woorde van pres Nelson Mandela: “If you talk to a man in a language he understands, that goes to his head. If you talk to him in his language, that goes to his heart.”

Dr Christo Benadé is leraar by NG Gemeente Suider-Strand.

Gasrubriek: Marietjie Steyn: Hoekom is ek nog in die (NG) Kerk?

MARIETJIE STEYN

Daar het onlangs drie goed in die verloop van een week gebeur wat my hierdie vraag laat vra het: Marietjie, wat op aarde maak jy nog hier?

Ons het 200 jaar van kerkwees gevier; ek het gehoor van ’n kollega (’n vrek goeie dominee, na my mening) wat ’n pos oorsee aanvaar het en ek het te doen gekry met die onbeholpenheid van die kerkorde. Nou natuurlik kan die meeste van ons ’n legio ander ervaringe opnoem wat ons hierdie vraag laat vra, maar hierdie was sommer net so in die oorgang tussen Oktober en November …

Verstaan mooi, dit is nie ’n negatiewe vraag nie. Dit is ook nie ’n vraag wat impliseer dat ek my Bybel wil vat en loop nie. Dit is ’n vraag waarvan ek seker is dat daar nog ’n antwoord voor is. Ek moes net vir ’n oomblik weer daaroor gaan dink. En hierdie is maar ’n paar van die dinge wat ek gedink het:

Dit is nie die groot strukture en besluite en debatte op RSG wat my hier hou nie. Dit is die agt en toe later 15 en toe 20 en deesdae 35 jongmense wat op ’n Sondagaand in Kloofstraat bymekaarkom. Ons het nie die grootste aanddiens in die stad nie. Ons het nie eens die grootste NG aanddiens in die omgewing nie. Maar dit is ’n klompie jongmense wat enigiets anders kon doen, maar gekies het om saam kerk toe te kom. Hoekom? Ek wonder self soms. Maar ek dink hulle voel veilig.

Hulle kan hulle onsekerhede en vrae hier kom lig. Hulle kan lag. En planne maak vir die week. Hulle voel minder alleen wanneer hulle hier was.

Dit is ook nie 360 jaar of 200 jaar of 30 jaar se geskiedenis wat my hier hou nie. Dit is die feit dat my kinders en my kinders se maatjies (ook dié wat eintlik skaam is) die vrymoedigheid het om die antwoorde in die kerk uit te skree. Nou die oggend vra ek: Wat verstaan julle nie?

En ’n 7-jarige seuntjie skree van heel agter: Ek verstaan nie hoekom kinders altyd moet luister na wat grootmense sê nie. En ek dink vir ’n oomblik: Hoe ver sou ons nie al gevorder het as almal die kans gehad het om hardop in die kerk uit te roep wat hulle nie verstaan nie? En ook: Miskien moet die grootmense ’n bietjie na die kinders begin luister.

Dit is nie omdat ek dink dat ons die heel beste of enigste ware teologie het nie.

Dit is omdat, ten spyte van ons geskiedenis (en hede), die meeste gemeentes, en ek hoop veral die een waar ek dien, die ruimte skep waar mense kan sê dat hulle nie verstaan nie, dat hulle onseker is, dat hulle sukkel om te glo, dat hulle kwaad is vir God, dat hulle nie kan sin maak van wat om hulle aangaan nie.

Dit is ’n plek waar ons geleer het om gemaklik te wees met vrae, eerder as met selfversekerde antwoorde. Dit is ’n plek waar een van die jongmense in my belydenisklas sy eie belydenis so begin: ‘Ek glo in ’n God wat ek nie verstaan nie.” En waar ’n ander een vertel hoeveel gemakliker hy gevoel het met sy eie twyfel toe hy sien die dominees het ook nie al die antwoorde nie.

Ek bly nie hier oor die taal of die kultuur of omdat almal lyk soos ek nie. Inteendeel, dit is dalk eerder ’n rede om te waai.

Maar ek glo ook dat alhoewel ons dikwels misluk ons dit ’n prioriteit gemaak het om na diegene te luister wat anders as ons dink en praat. Wie se storie in hierdie land anders lyk as myne. Wie se keuse oor wie hulle liefhet nie so gemaklik deur almal aanvaar word, soos my eie keuse nie.

So, ek bly hier want daar is mense wat my genadig genoeg is om hulle storie met my te deel en by wie ek kan leer ten spyte van die geskiedenis van my kerk en my vel en die normatiwiteit van my seksualiteit. Hier hoor ek die mooiste en die seerste stories en dit vorm my.

Ek is definitief nie in hierdie kerk omdat ons God gevind het nie. Ek is hier omdat God ons gevind het. Omdat God my gekies het en ek gedoop is, voor ek ’n idee gehad het wat dit beteken of die invloed wat dit op my gaan hê. En omdat God nie net vir my gekies het nie, maar omdat daar ook ander rondom my is. Mense wat die Here liefhet omdat Hy hulle eerste liefgehad het.

Ds Marietjie Steyn is leraar by Groote Kerk in Kaapstad.

Die dominee van Ghanzi in Botswanna

Henning Mostert is dominee op Ghanzi, 'n klein dorp in Botswana, maar ook 'n meganiese ingenieur met 'n Meestersgraad in Veeartsenykunde en hy kan orrel en klavier speel en hy hou van seil – *and that's just scratching the surface*!

Hy is een van daai mense wat jou beter laat voel oor die wêreld, die kerk, jouself en sommer die hele lewe.

"Ghanzi is net mooi in die middel van alles," lag hy. "Ons is 1 000 km van Swakopmund af en 1 000 km van die Victoriameer af, 1 200 km van die Vrystaat, 1 000 van Johannesburg en 1 500 km van die Kaap af."

Ons gesels oor die pad wat hom tot hier gebring het.

Dit was 'n Graad een-juffrou destyds in Potchefstroom wat met 'n skok besef het die klein Henning is hardhorend.

"Ek het Graad een geslaag deur lippe te lees," sê hy. "Van Graad twee tot Graad vier was ek in C Louis Leipoldt in Lyttleton, waar ek deel was van die skoolkoor en ek het ook deelgeneem in die operette. In 1980 het ons Reitz toe getrek en vir die res van my skoolloopbaan was ek in Reitz Hoërskool."

Ek het Henning destyds op 'n uitreik van die studentegemeente in Potchefstroom ontmoet. Later loop ek hom weer raak by Tuks waar hy teologie studeer, terwyl hy besig was met 'n PhD in bio-mediese ingenieurswese.

"Die studentelewe was so lekker dat ek sommer vir 13 jaar aanmekaar geswot het," lag hy.

Hy het aanvanklik 'n beurs by Krygkor gehad en vakansies daar gewerk. Maar toe kry hy 'n beurs by die perdenavorsingsentrum op Onderstepoort waar hy lank betrokke was.

Hoe het jy in die teologie beland? vra ek.

"Ek was nog altyd lief vir die Here, van kleins af," sê hy en vertel, hy was maar ses jaar oud toe hy die eerste keer gevoel het die Here roep hom en vir almal vertel het hy gaan eendag 'n dominee word.

In 1996, op 'n bewolkte dag, in die motreën, met die son wat deurbreek, het hy 'n diep geestelike belewenis gehad wat sy roeping bevestig het.

"Dit was tydens die Biddag vir Versoening by die Uniegebou," sê hy. "Daardie Maandag ry ek Teologiefakulteit toe om te gaan inskryf. Ek het by Onderstepoort gewerk en my baas, Alan Guthrie, vir wie ek baie respek het, het gesê ek kan in die oggende gaan studeer en in die middae kom werk."

Iets wat 'n mens opval van Henning is sy fyn waarneming en verwondering vir die lewe.

"'n Groot ervaring in my lewe was toe ek as negejarige seuntjie vir die eerste keer gehoorapparate gekry het. Tot op daardie punt kon ek slegs die klinkers van die alfabet hoor – ek sou baie keer my eie woorde opmaak omdat ek nie kon hoor wat mense sê nie. Die dag toe ek die apparaatjies aansit, het ek vir die eerste keer voëltjies hoor sing. Met middagete het ek vir my ma gesê sy moet asseblief vir my boeties sê hulle moet sagter eet, want vir die eerste keer het ek die geluid van messe en vurke op 'n bord gehoor."

Hy was nooit veel van 'n sportman nie, sê Henning, maar musiek was sy lewe op skool.

"Ek het in die koor gesing en klavier- en kerkorrelklasse geneem. Op hoërskool was ek in die kadetorkes waar ek trompet gespeel het."

Ons gesels oor die gemeente in Botswana waar hy tans dominee is. Ghanzi is geleë naby die Sentrale Kalahariwildtuin aan die noordwestekant van Botswana en is hoofsaaklik 'n boeregemeenskap. Hulle naaste groot dorp is Maun, ongeveer 280 km se ry.

"Die gemeente is seker so 250 lidmate groot en van die lidmate bly so ver as 180 km van die kerk af. Om by die mense op die plase uit te kom moet jy swaar sand kan ry – en jy moet nie bang wees om hekke oop te maak nie!

Ghanzi se mense is mense met omgeeharte en mense wat met hulle hande kan werk. Hier moet jy als kan doen, want jy kan nie sommer net gou ry om iets te gaan koop nie. Die vroue doen die mooiste handwerk en hulle kan alles doen van kerrieboontjies maak tot afval kook."

Hy sê hy geniet dit nog altyd om dominee te wees – voorheen was hy vir 21 jaar predikant in Krugersdorp – en alles wat daarmee saamgaan. Hy sê hy was nog nooit spyt dat hy destyds die sprong gemaak het na die teologie nie.

"Die DRCB Ghanzi is 'n multidenominasionele gemeente, want ons is die enigste gemeente in Ghanzi wat in Afrikaans bedien. Aanvanklik was die gemeente 'n wyk wat deur Gobabis-Suid bedien is, en die Gereformeerde lidmate is deur die Gereformeerde Kerk op Gobabis bedien. Dit was eers in die 80'er jare dat Ghanzi as volwaardige gemeente geregistreer is en deel geword het van die Dutch Reformed Church in Botswana."

Ons gesels oor donker tye en uitdagings.

"Dit was nie altyd maklik in 'n hoofstroomskool nie, baie mense verstaan nie die uitdagings van gehoorgestremde mense nie. Maar ek het geleer dat God my uniek gemaak het. Dat hy my fisiese ore doof gemaak het, sodat ek sy stem beter kan hoor! 'n Ander baie moeilike tyd in my lewe was toe ek en Annine destyds na 'n kort huwelik geskei het. Dit was vir ons albei 'n baie donker tyd en na vele beraders en dokters ensovoorts het ons besluit om die huwelik te beëindig. My grootste vrees was dat ek uit die bediening geskors sou word, want dominees mag mos nie skei nie. Wat ek in daardie tyd geleer het, is dat jou beste vriendin nie noodwendig jou lewensmaat is nie. Annine is 'n jaar later weer gelukkig getroud en tot met haar skielike dood in 2022 was ons op goeie voet met mekaar."

Hy vertel van nuwe seisoene, groot genade, van wonderlike vriende deur die jare en die mooi mense van Ghanzi wat voel soos familie. En hoe lekker dit vir hom is om met 'n koppie koffie op sy stoep te sit en kyk hoe die hase sy gras vreet, en die meerkatte en die Botswana se mooi sonsondergang.

"Dis nog wild in die omgewing," sê hy. "Soms is daar luiperds op die plase, die mense hier praat van 'tiers', of leeus, of hiënas wat hulle 'bontwolwe' noem, of kom die olifante deur."

Wat is daar wat min mense van jou weet? vra ek.

"Min mense weet dat ek op sesjarige ouderdom vir *Kerkbode* 'n briefie geskryf het waarin ek sê dat ek eendag 'n dominee wil word! Vandag, 48 jaar later, kan ek vir *Kerkbode* sê: 'Ek het toe 'n dominee geword en ek is baie gelukkig in wat ek doen!"

Ds Jaco Strydom is verbonde aan die Echo-jeuggemeenskappe en die NG Gemeente Villieria.

Jan Lubbe

Die teerste reis is die na mekaar toe...

Dit was ’n maand op reis. Van die ou reisbeskrywings wat ek gelees het, kom nou by my op: “Een jaar op reis in dienst der zending” (Frans Lion Cachet, 1896). “Om de oude Wereldzee” (Abraham Kuyper, 1907) en George Harinck se “Aan het roer staat het hart” oor sý reis in die voetspoor van Kuyper (2015). “A thousand miles in the heart of Africa: A record of a visit to the missionfield of the Boer Church in Central Africa” (Johannes du Plessis, 1905). Die afgelope maand was een van baie kilometers na die noorde, suide, weer huis toe en nóg ’n keer inpak en groet. Van ander kansels, kosters en klankstelsels leer ken. Van nuwe gesigte én ou bekendes. Van die pad vind na gedenkdatums en die onderliggende verband bedink: 12 Oktober 1994, 16 Oktober 2023, 31 Oktober 1517, 2 November 1824, 5 November 1994.

Dit het begin met ’n Sondagreis na ’n klein plattelandse gemeente, vroegoggend die slapende dorpie binne, die strate om die statige kerk nog koel en stil. ’n Duif, ’n klavier, harte wat na die Teenwoordige verlang, na ’n Woord vir hulle lewe saam – “Aangesien ons deur die Gees leef, laat ons ook met die Gees in pas bly” (Galasiërs 5:22). In pas. Die pad daarheen, die laaste ent voor die dorp, is vól slaggate, het hulle my gewaarsku.

Dit is 13 Oktober, dieselfde dag dat die Waldensian by Kaap Agulhas gesink het; die agt dominees op pad van Natal na die Kaapse Sinode van 1862 het die land Goddank veilig bereik. Van dieselfde sinode af, so is ek vertel, moes ouderling Sarel Cilliers in November 1862 voetslaan terug Kroonstad toe, ná die hooggeregshof bevind het afgevaardigdes van buite die Kolonie het nie wettig sittingsreg in die Kaapse Sinode nie. Sy maandelange staptog sou hom deur die Koue Bokkeveld neem, dieselfde landskap waardeur redakteur Le Roux Schoeman en sy klasmaat ds Alex Clark van Op-die-Berg-gemeente 175 kilometer metafories terugdraf na 1849, die geboortejaar van *Kerkbode* in die onlangse webdokumentêr “Elke tree ’n storie”: *Kerkbode* word 175 jaar oud. By die ASM-vergadering het ons stilgeraak toe hulle dié video-dokkie van hulle draftog kom wys. Die pad van ons kerk.

Die mooiste maand Oktober – dankie, daar hét reën in die Noord-Kaap en Namibië geval – is in gereformeerde kerke Hervormingsmaand. Katkisante sê die woorde van die Apostolicum; hulle bely dat hulle – soos Luther – aan Romeine 1:17 vashou, “dat die geregtigheid van God geheel en al op geloof berus”, sola fide. Dit is vanjaar ’n kwarteeu sedert die Lutherse en die Rooms-Katolieke Kerk in 1999 die “Joint Declaration on the Doctrine of Justification” onderteken het, en die weg na mekaar toe begin verken het.

Ander kerke sou langs die pad – soos na Emmaus – by hulle aansluit, hartverwarmend. Die 16e eeuse Reformasies was nie net ’n “hier staan ek téénoor” nie, maar ook ’n soeke na die teenwoordigheid van Christus in die gebreekte brood en daarom na mekaar, sy Liggaam. Daarvoor, het Calvyn opgemerk, is hy bereid om tien oseane te oorkruis. Hervormingsondag, 27 Oktober, was die NG Kerk Monumentpark dus gasvrou vir die Church Unity Commission se gedenkdiens. Ek was bevoorreg om die Woord te bedien: Jesus se aanhaling van Psalm 43, “dat terwyl julle die lig het, glo in die lig, sodat julle kinders van die lig kan wees” (Johannes 12:27-36). Die feit dat die “Joint Declaration” dit so duidelik stel: “Justification is both a ‘declaring rigtheous’ and a ‘setting right.’” Deur genade geregverdig, en daarom geroep om reg te maak wat verkeerd is en gebreek het, om daagliks die regte weg te probeer kies. Dít was ook die tema en teks by die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) se driejaarlikse konferensie vroeër in Oktober: “Choose Life”.

Die feit dat twee vroue uit ons afvaardiging tot die SARK se uitvoerende komitee verkies is (dr Nioma Venter en ds Lerisa Meyer) sê iets van hoe ons terugverwelkom word in ’n ekumeniese familie. Dat ook óns genooi word om lewe te kies, ’n pad van wysheid en gehoorsaamheid aan God sodat ons in die land wat Hy gee, mag woon (Deuteronomium 30:19-20). Langs mekaar sit dr Rowan Williams van Kantelberg en prof John de Gruchy en praat oor hoe “collective guilt” en “collective joy” by Dietrich Bonhoeffer onlosmaaklik saamhang. Dít is die lewe van ’n Christenmens. Dit was 19 Oktober 1945, toe juis diegene wat van die begin af teen Nazïsme opgestaan het, nógtans hulle skuld bely het: “Through us infinite wrong was brought over many peoples … We accuse ourselves for not believing more joyously, for not loving more ardently.”

Middel-Oktober het ons familie die pad Rouxville toe gevat, om op Zeekoegat om die graf van Pa Hendrik en Ma Grietjie te staan, te huil én te lag saam met die plaaswerkers en ’n neef wat Xhosa vlot tolk. Pa Hendrik, die geseënde vredemaker. Sy skaapkudde kom wei asof uit die niet op die groen gras onder die groot populierbome by ons.

Tussenin ons seun op die lughawe gekry, ná hy die Portugese Camino gestap het. Langs die Groote Kerk het ons ’n geelhoutboom vir ons nageslag geplant, twee eeue ná 1824. Want die weg gaan vóórt: Paulus voor koning Agrippa, oor die groot dade van God, Christus se lyding en opstanding, dié lig vir die nasies (Handelinge 26:22). Ons het niks anders te sê nie.

Die moeilikste is om dit sáám met mekaar gesê te kry. In verskillende teologiese tongvalle. Maar ons móét. Karl Barth se woorde: “As long as Christianity exists in different and opposing churches, it denies in practise what it confesses in theory, namely the unity and uniqueness of God, Jesus Christ and the Holy Spirit.” Dít is die reformasie wat ons nodig het: ’n Reformasie van ons hart, hoe ons oor mekaar dink, na mekaar kyk, van mekaar praat. Die teerste reis, is dié reis na mekaar toe, eers na jou eie hart en nog vóór dit na die hart van God.

Gaan versigtig, soos engele, dis heilige grond.

Ds Jan Lubbe is predikant by die NG Gemeente Berg-en-Dal in Bloemfontein en voorsitter van die Algemene Sinode Moderamen.

Terug na die toekoms: **5 November: ’n Dag van lig en duisternis**

JOHAN VAN DER MERWE

5 November is ’n datum wat in die geskiedenis van die NG Kerk enersyds as ’n dag van lig maar ook as ’n dag van groot duisternis onthou moet word.

Dit was op 5 November 1980 wat die Hervormingsdaggetuienis in *Die Kerkbode* gepubliseer is. Wat bekend geword het as Die Getuienis was een van die eerste helder ligstrale wat in die donkerte van die kerk se apartheidsteologie deurgebreek het.

Veertien jaar later het daar in Waterkloof in Pretoria die klank van ’n geweerskoot bo die klappers van Guy Fawkes uitgeklink om die lewe van prof Johan Heyns te beëindig. Die sluipmoordenaar is nooit gevang nie. Dié moord op ’n teoloog van die NG Kerk was ’n dag van groot duisternis.

Wat het hierdie twee gebeure met mekaar in gemeen? Die antwoord is prof JA Heyns.

Heyns was saam met prof WD Jonker verantwoordelik vir die opstel van die Hervormingsdaggetuienis wat in 1980 op 5 November deur agt teoloë van die kerk in *Die Kerkbode* gepubliseer is. Dit is so na as moontlik aan Hervormingsondag gepubliseer omdat dit vir die ondertekenaars groot historiese waarde gehad het. In die Getuienis is by medegelowiges gepleit om biddend te streef na:

> die uitskakeling van liefdelose en rassistiese gesindhede;

> solidariteit met almal wat deur sosiale praktyke en ekonomiese wanverhoudinge in omstandighede van verhelpbare lyding en nood gedompel is.

> ’n Vorm van kerklike eenheid waarbinne gelowiges met dieselfde belydenis tot sigbare eenheid kon kom.

Die Getuienis was ’n uitdaging aan die NG Kerk en is in die woorde van dr FE O’ Brien Geldenhuys beskryf as “die grootste gebeurtenis sedert Cottesloe twintig jaar vroeër”.

Die storm wat Die Getuienis in die kerk ontketen het was van so ’n aard dat ’n geheime byeenkoms van predikante uit die noordelike deel van die land op 23 Maart 1981 byeengeroep is. Die doel van die byeenkoms was om die ondertekenaars oor die kole te haal. Dit was Heyns wat na sy toespraak deur die nagenoeg 540 predikante wat teenwoordig was, staande toegejuig is. Die lig het inderdaad in die NG Kerk begin deurbreek.

Prof Johan Heyns sou enkele jare later nog ’n groter rol in die kerk speel nadat hy op 14 Oktober 1986 as moderator van die Algemene Sinode verkies is. Sy verkiesing het ’n nuwe dimensie aan die vergadering verleën en selfs afwagting geskep.

Dit was tydens hierdie vergadering dat die NG Kerk formeel vir ’n nuwe pad weg van apartheid gekies het.

Toe kom die duisternis op 5 November 1994 met een skoot uit die geweer van ’n sluipskutter. Die geskiedenis leer dat hierdie duisternis die lig nie kon uitdoof nie.

Miskien is dit die groot boodskap wat die onthou van 5 November ook in 2024 moet bring.

Prof Johan van der Merwe doseer Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan die Universiteit van Pretoria en is ’n voormalige aktuarius van die NG Kerk.

Nadia Marais

Geseënd is die swerwers

ek bly steeds 'n swerwer
op soek na ware noord

Hierdie lirieke, uit Elvis Blue se "Beloofde Land", het my laat wonder: Is ons nie almal maar op 'n manier sowel tuis as ontuis – in ons families, die plekke waar ons woon en werk, die kerk – nie? Waar kom ons werklik tuis? Is dit noodwendig altyd sleg om vreemd en ontuis te wees? Is dit noodwendig altyd goed om tuis en ingeburger te wees?

Swerwery mag gewoon 'n gegewe wees van menswees. "Lewe en sterwe is swewe en swerwe," skryf NP van Wyk Louw in sy gedig "Seemeeu".

Maar daar is ook heelwat wat disoriënterend en verwarrend mag wees daaraan om te swerf, veral as dit nie uit eie keuse gebeur nie. Dalk bied hierdie egter aan ons die geleentheid om dieper ondersoek in te stel na dit waarin ons veranker is: Wat is ons ware noord? Wat oriënteer ons in ons soeke en omswerwinge? Is dit bloed, familie, volk? Taal en kultuur? Beloftes en geloftes? Geskiedenis? Grond? Geloof? Kerk en kerkverband en sinodes en gemeentes? Waarheen keer ons terug in ons omswerwinge? Waarin en by wie is ons tuis? In die Bybel lees ons van heelwat swerwers. Dink aan die vervloeking van Kain, nadat hy sy broer Abel vermoor het, om 'n doellose swerwer te wees (Genesis 4:12). Binne die Joodse geloof speel die bekende belydenis dat Jakob 'n rondswerwende Arameër was (Deuteronomium 26:5) en die herinnering aan die Israeliete wat vir veertig jaar in die woestyn rondgeswerf het (Numeri 32:13) 'n belangrike rol. Ons kan dink aan die dissipels – Simon en Andreas, Jakobus en Johannes – wat weg geroep word om Jesus te volg in sy omswerwinge (Markus 1:16-20). Trouens, Jesus self word as 'n swerwer beskryf: as iemand wat geen plek het waar hy sy kop kan neerlê nie (Matteus 8:20). Dit is hierdie Jesus se volgelinge wat, volgens Paulus, as swerwers bekend sou staan (1 Korintiërs 4:11).

Hierin kom ons die Verbondsgod van Israel, die swerwersvolk wat hulleself meermale in vreemde lande – Egipte, Assirië, Babilon (maar ook in geen land, in die wildernis) – bevind, teë. Die Evangelies vertel die verhaal van Jesus, die swerwerseun van God, wat pal aan die beweeg is en nêrens finaal ingeburger kom nie.

Dit is hierdie Jesus wat die kerk bly vooruitgaan – met sy kruisiging, opstanding, en hemelvaart – en dit is deur swerwers wat die evangelie tot aan die uithoeke van die aarde verkondig sou word.

Die Amerikaanse teoloog Stanley Hauerwas skryf positief oor die waarde en dissipline van swerf, in sy boek *Wilderness wanderings* (2011). Daarin beskryf hy Christene as diegene wat opgelei is om met nuuskierigheid en moed – maar ook geloof en selfvertroue – te soek, te wonder, en te swerf. Om vanuit die troos van die evangelie te leef is om nomadies te (kan) leef, as diegene wat alles kan verloor (dalk selfs 'n plek in die kerk) omdat ons diepste identiteit buite ons veranker is.

In sy boek *Eccentric existence* (2009) voer die Amerikaanse Gereformeerde teoloog David Kelsey juis aan dat die sin en betekenis, waarde en waardigheid van ons bestaan nie in onsself gesetel is nie, maar buite ons behoue bly – in die drie-enige God wat in verhouding met ons tree. Goddelike inisiatief om ons te skep, tot vervulling te bring, en te verlos veranker ons in 'n realiteit groter as onsself, buite onsself. Dat ons lewe en troos en diepste identeit eks-sentries is – buite die sentrum van onsself – beteken dat ons vry is om te soek, wonder, en swerf.

Ons kom hierdie temas ook in kuns teë. In die Katolieke kapel op Heroldsbaai, genaamd die Stella Maris (Latyns vir "ster van die see") hang 'n skildery wat Maria en die Jesuskind uitbeeld. In die agtergrond van die skildery loop 'n skip wat vasgevang is in 'n groot storm op die rotse, en word Maria uitgebeeld as die heenwyser en rigtingwyser te midde van die storms van die lewe. Die troos vir die swerwers op daardie skip is dat hulle nie alleen of verlore is nie: Maria en die Jesuskind is ware noord.

Dit het my herinner aan die gebed vir swerwers: 'n gebed vir soekers en dromers en ontnugterdes en verwerptes wat vra om God se seën vir diegene wat reis en twyfel en swerf; en na genade om te kan onttrek en 'n plek te kan verlaat; en vir beskerming van diegene wat oordeel en spot; en krag om die reis te onderneem.

Dit is soms nodig om die grense van wat ons ken te verlaat, lui die gebed, sodat ons kan soek na nuwe maniere van sien en leef en wees. Wie weet wat ons alles van onsself en mekaar, van God en die wêreld in ons omswerwinge kan ontdek? Miskien het ons juis die swerwers nodig …

Geseënd is die swerwers.

Dr Nadia Marais doseer Sistematiese Teologie aan die Universiteit Stellenbosch en is as predikant aan die NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen gekoppel.

Samewerking is 'n geskenk, hoor ASM

Samewerking tussen verskillende kerke is 'n geskenk vir die Suid-Afrikaanse nasie, het eerw Mzwandile Molo, algemene sekretaris van die SA Raad van Kerke (SARK), gesê op die tweede dag van die vergadering van die Algemene Sinode Moderamen (ASM) wat op 29-31 Oktober in Benoni geluister het na terugvoer van taakspanne en besin oor die NG Kerk se roeping.

"It is a beautiful moment to reflect on what is our common witness in this country." Ontvang (die boodskap) as 'n uitnodiging, het Molo die sowat 40 afgevaardigdes van al tien streeksinodes van die NG Kerk tydens sy gasrede versoek.

Eenheid is nie 'n strategie nie, het hy verduidelik. Ons soek eenheid, want daar is 'n wanvoorstelling van wie God is, as ons nie saam is nie. Molo, 'n Metodis, het gesê Suid-Afrikaners het tot 'n mate die beeld verloor van hoe ons sáám lyk. Die mag om Suid-Afrika te verander lê

Molo en Venter.

nie in hoofkantore nie, dit is in die gewone gemeentes, aldus Molo. "Dis waar ons mense leef en waar ons ekumene* moet vind in gedeelde aksie."

Molo het aangehaal uit Johannes 17:21-22 en Galasiërs 3:28-29 om eenheid tussen Christengelowiges teologies te begrond.

Oor die visie van die SARK, het Molo stilgestaan by "ingrypings" waarvoor hierdie ekumeniese liggaam hom beywer:

> Genesing en versoening
> Ekonomiese transformasie
> Om demokrasie te anker
> Omvattende gehalte-onderwys
> Ekologiese geregtigheid

Molo het die NG Kerk uitgenooi om saam te werk hieraan.

Nog ekumeniese nuus

Die driejaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke het van 15 tot 17 Oktober by Vista ORT (Kemptonpark) plaasgevind en is deur bykans 100 afgevaardigdes uit die lidkerke bygewoon; uit die NG Kerk 'n afvaardiging van 7 lede wat kan getuig van 'n hartlike ontvangs, opregte insluiting en 'n aanmoediging tot groter deelname in ekumeniese en sosio-maatskaplike kringe in ons land, luidens 'n verslag wat by die ASM gedien het. "Die besondere voorreg het ons te beurt geval dat Nioma Venter as tweede vise-president en Lerisa Meyer in die nasionale uitvoerende komitee van die SARK verkies is. Prof Henco van der Westhuizen is sameroeper van die teologiese werkskomitee van die SARK," luidens die verslag.

Tydens hierdie konferensie het die verteenwoordigers van die volgende kerke spesifiek na die NG Kerk uitgereik en gevra vir opvolgontmoetings: Die Volkskerk van Suid-Afrika, Calvyn Protestante Kerk, Morawiese Kerk, Uniting Congregational Church of Southern Africa (UCCSA), Ethiopian Episcopal Church.

Kompromie ten koste van die waarheid van die Woord?

Ds Pieter de Jager van Reddersburg skryf:
As afgevaardigde na die onlangse spesiale sinode van die NG Kerk in die Vrystaat betrag ek dat ’n godsonterende verwydering tussen lidmate toeneem.

So sou dit ook voorgekom het in die gemeente van Korinte waarheen die apostel gestuur is rondom 55 nC. Hy het hulle samekomste nie geprys nie, veral nie tydens hulle nagmaalsvieringe nie. “Dit sal vir julle meer kwaad doen as goed” (1 Kor 11:17). “Daar moet onvermydelik groeperinge (haireseis) onder julle kom, sodat dit duidelik kan word wie die beproeftes onder julle is” (vers 19).

Hierdie woord strek veel dieper as die woord “schismata” wat in vers 18 voorkom en as “verdeeldheid” (1983) en as “onenigheid” (2020) vertaal word. Wanneer groeperinge uitgewys word (haireseis), het dit die ingrypende betekenis van dáárdie skeuring wat in die wêreld van die sektarisme floreer. Dan gaan dit om ’n werk van die vlees, die ou natuur van die mens, teenoor die vrug van die Gees (Gal 5:20).

Die kerk beweeg op ’n gevaarlike afgrond. Kompromieë word gemaak om die eenheid van die kerk te laat stand hou, maar ten koste van die waarheid van die Woord waaraan so baie lidmate van die kerk nog vashou. Predikante word versoek om (liewer) nie selfdegeslagverbintenisse (SGV) te bevestig nie, om welwillend op te tree teenoor dié wat met jou verskil. Sou dit beteken dat predikante dan paartjies die seën van die Here ontsê? Hierdie “goue middeweg” van die lou-warm Laodisea-gemeente in Openbaring 3:15 word ’n hoofweg waarvolgens allerhande toegewings gemaak kan word om die ou natuur van die mens te streel. “Diegene wat ek liefhet, berispe en tugtig Ek, wees dan ywerig en bekeer jou” (vers 19).

Elke gemeente is volledig deel van die gemeenskap van heiliges, so ook elke lidmaat. Ons praat van ’n “ecclesia completa” wat volledig toeganklik vir mekaar is. Hulle is “locus standi” op mekaar gerig, bevoeg om in alles voort te gaan met die gawes en talente ontvang. Ongelukkig gun die VS dit nie vir almal nie in die lig dat hulle die Koinonia Sinode as forum van die beswaarde gemeentes nie erken nie. Die voorsitter het bloot die standpunt van die AS herhaal en eintlik so te kenne gegee dat die VS nie ’n volwaardige sinode kompleta is nie.

Die uitslag van die stemme op die AS dui op ’n onrus binne die Vrystaatse kerk wat tekenend is van die hele NG Kerk wat wil terugkeer na die gesag van die Woord. Daar word in groepe van die dolerende gemeentes en ander lidmate reeds gebid om herlewing wat hier moet begin en kan oorspoel saam met ander volke, tale en nasies na die eindes van die aarde. Kom, Here Jesus! Erbarm U oor ons!

Oplossing: Skuif na sinode met wie se beleid julle saamstem

Ds Johan Brink (Goudland Sinode) skryf:
Met die Algemene Sinode van 2019 word in die agenda gepraat van ons “vasgelooptheid” rondom die besluite oor SGV (selfdegeslagverbintenisse). ’n Mens het gedink die stof sal al ’n bietjie gaan lê rondom die SGV-besluit van die Algemene Sinode en dat daar groter rustigheid in ons kerk kom.

Dit blyk egter nie die geval te wees nie. Kyk net na die groot verdeling wat duidelik gewys het in die stemmery tydens die afgelope buitengewone sitting van die Vrystaat Kerk.

Is daar ’n oplossing moontlik?
Ek dink Goudland Sinode het vir die NG Kerk een moontlike oplossing gegee.

Die ASM het by meer as een geleentheid gesê dat Goudland die NG Kerk ’n guns gedoen het deur ons gesprekke met die vorige ASM en ons besluite wat ons geneem het.

Hoe lyk die NG Kerk se struktuur?
Die NG Kerk as geheel bestaan uit 10 verskillende kerke wat selfstandig bestaan maar saam werk op sekere terreine. Dit is tog duidelik dat ons tien selfstandige kerke is wat eie besluite neem. Elke kerk beheer sy eie fondse en bates en eiendom is in die verskillende kerke se name geregistreer.

Die Algemene Sinode is nie ’n kerk (soos mense soms dink) nie. Dit is ’n vergadering van 10 selfstandige kerke wat elke vier jaar vergader met afgevaardigdes uit die 10 kerke.

Besluitneming:
Elkeen van die tien kerk kan dus ook sy eie besluite neem.

Goudland het reeds voor die 2019 vergadering van die Algemene Sinode ons eie besluite geneem ten opsigte van ons siening van die huwelik en seksualiteit. Hierdie besluite verskil van dié van die Algemene Sinode wat per implikasie nie goedkeuring gegee het vir SGV in Goudland nie. Hierdie besluite is bespreek met die vorige ASM in ons gesprekke en die besluit is by die Algemene Sinode van 2023 goedgekeur en so genotuleer.

Beleid:
Dit is dus verkeerd om te praat oor die NG Kerk asof daar net een beleid rondom SGV bestaan. Die ASM het juis met die “ruimhuis”-beginsel ruimte geskep vir meer as een beleid. Goudland se beleid is nie dieselfde as die beleid van die Algemene Sinode nie. Sinode Goudland se beleid tov SGV en wat deel vorm van Goudland se kerkorde verskil dus van die van die Algemene Sinode.

Oplossing:
Ek dink dit is waar die oplossing vir die NG Kerk lê. Ons hoef nie nog sinodes af te stig of ’n nuwe kerk te vorm nie. Die AS van 2023 het besluit dat praktiese maatreëls getref moet word wat dit moontlik maak vir ringe en gemeentes om te skuif na ’n ander sinode toe. Die afgelope ASM het hierdie besluite nou in werking gestel.

Die oplossing vir ringe en gemeentes wat nie in hulle sinodale gebied vrede kan vind rondom Skrifhantering en die besluite oor SGV nie is daarom, wat my betref, welkom om te skuif na ’n sinode met wie se beleid julle saamstem.

Dan is jou gewete nie gebind deur so ’n besluit nie, want in die eerste plek behoort ’n gemeente nie aan die NG Kerk as geheel nie, maar aan die kerk of sinode waarvan julle deel is.

Verskeidenheid:
Die NG Kerk kan dan vorentoe gaan met ware verskeidenheid waar die kerke onderling verskil in beleid oor hoe ons die Skrif lees rondom die een saak maar op ander terreine kan saamwerk.

Die hele Christus, vir jou, verniet

Malan Meyer van Kaapstad skryf:
Ek kry onlangs ’n e-pos van ’n gemeente wat hulleself adverteer met die woorde: “Kom ontdek die Jesus-lewe saam met ons!”
Wat bedoel hulle daarmee?

Bedoel hulle daarmee dat daar nog ’n manier is van leef wat al jou probleme gaan laat ophou? Is daar nog sewe stappies wat jy moet volg om ontslae te raak van depressie, angs en moedeloosheid? Nog ’n terapiemiddel om jou te laat beter voel oor jouself dalk?

Ek het ook onlangs ’n titel van ’n boek gesien met ’n titel soos: “Kry styl: Jesus s’n!”

Kort jy dalk ’n paar Jesus-tegnieke om jou te laat voorkom soos ’n *nicer*, meer mededeelsame en spirituele mens?

Ons samelewing is kwaai aangetrokke tot die idee van die regte lewenstyl. Ons is behep met tegnieke vir selfverbetering.

Ek skryf hierdie woorde op Hervormingsdag.

Mag jy wat hier lees, wakker skrik en ontdek wat die Hervormers ontdek het:

Jy kort nie Jesus se STYL nie. Jy kort sy STATUS.
Jy kort sy LEWE.
Sy BLOED.
Sy DOOD.
Sy OPSTANDING.
Sy HEERLIKHEID.
Sy GEES.
Jy kort SY medaljes wat HY gewen het om JOU nek.

Die hele Christus word vir jou aangebied in die skinkbord van geloof alleen!

Soos die teoloog Michael Horton sal sê: “Die vraag is nie ‘wat sou Jesus doen?’ en dit dan te doen nie. Dit is liewer ‘wat het Jesus gedoen?’ en dit dan te glo”.

Mag jou enigste troos in lewe en in sterwe nie jou manier van dinge doen wees nie, maar dat jy gekoop is met ’n prys en dat jy meer daarin sal vertrou as in enigiets binne jouself.

"African Christian Preaching and Decolonisation" was die tema van 'n konferensie wat die Genootskap vir Homiletiek (preekkunde) in Afrika van 31 Oktober tot 4 November op Stellenbosch aangebied het. Prof Cas Wepener (links), van die Universiteit Stellenbosch, het die verwelkoming behartig voor die presidentsrede dr. Ezekiel Ajibade (regs), van Nigerië. Van die bydraes deur afgevaardigdes het gelui:

> Decolonizing Biblical Hermeneutics for Alternative Ways of Interpreting the Bible Within Conservative Churches in Nigeria
> How the African Preacher can Navigate the Terrain of Postmodernity to Competently Proclaim the Gospel of the Kingdom
> Training Laypeople in South-African Congregations to Preach
> Prophetic Preaching in the Apartheid Era in South Africa
Foto: Heléne Meissenheimer

Luister na onderhoud met Ajibade op Kerkbode *se Facebookblad.*

Stories van sosiale innovasie

HELÉNE MEISSENHEIMER

Wat het 'n 89-jarige wat truie vir arm skoolkinders brei, 'n gemeente op die Tuinroete se WhatsApp-veiling en 'n sonkrag-gedrewe ontsoutingsaanleg op Wit-sand met mekaar gemeen?

Een antwoord sou kon wees dat hierdie almal stories is wat gehoor is tydens die Caributu Social Innova-tion-konferensie wat Vrydag 25 Oktober afgesluit het. By die 80 mense uit diverse velde ingesluit die akademie, plaaslike regering, kerk en NRO-omgewing was hiervoor vir drie dae saam by die Andrew Murray Centre for Spirituality op Wellington.

Verdere leidrade sou wees dat hierdie stories iets wys van wat kan gebeur wanneer gewone mense glo en leef dat hulle oplossings kan vind vir uitdagings wat hulle ervaar in hulle organisasies, kerke of gemeenskappe.

So byvoorbeeld was die klein gemeente van NG Kerk Albertinia halfpad deur die Covid-pandemie diep in die moeilikheid weens 'n tekort aan inkomste. Hulle nuwe manier om broodnodige fondse in te bring was om 'n WhatsApp-veiling te hou met enigiets wat mense skenk. Nie alleen het dit geslaag om duisende rande in te bring nie, maar ook meer mense betrokke gekry by hierdie Suid-Kaapse gemeente. Hierdie is ook

een van die stories vervat in die 2024 boek, *Caributu social innovation in South Africa*, waarvan prof Erwin Schwella die redakteur is. Vele van hierdie stories se mense was by hierdie konferensie.

Die woord "caributu" is Schwella, die stigter van die Skool vir Sosiale Innovasie by Hugenote Kollege, se nuutskepping. Dit is saamgestel uit twee terme, naamlik: caritas wat die Latynse woord vir liefde en omgee (compassion) is, en ubuntu, die Afri-kafilosofie gerig op medemenslikheid teenoor ander. In sy boek verduidelik hy hierdie konsepte eggo Jesus se be-kende 'Golden Rule' van Matteus 7:12: "Alles wat julle dan wil hê die mense aan julle moet doen, doen ook julle net so aan hulle; want dit is die kern van die Wet en die Profete."

Dr Frederick Marais, wat vanjaar oorgeneem het as hoof van die skool, het Schwella Vrydag bedank vir sy inisiatief om hierdie skool te begin.

Prof Eugene Cloete, voorma-lige vise-kanselier van Universiteit Stellenbosch, was 'n gasspreker met 'n besielende aanbieding onder die tema, "Achieving the extraordinary with ordinary people". Hy het ook die nuus gedeel dat hy in volgende jaar 'n nuwe aanlyn-akademie wil loods – een wat studente wat nie hulle studies kon voltooi nie 'n tweede kans vir 'n kwa-lifikasie wil gee. "Hou hierdie spasie dop!" het hy genooi.

In sy aanbieding het hy onder meer vertel hy glo 'n mens vind die meeste betekenis in jou lewe wanneer jy na buite gerig leef. "Jy moet betrokke wees by iets groter as jyself, maak nie saak hoe oud jy is nie," het die bekroonde akademikus verduidelik en vertel van sy 89-jarige ma wat truie brei vir behoeftige kinders in die skool oorkant waar sy bly.

Volgens Schwella was die doel van hierdie konferensie om idees met mekaar te deel vir innoverende en kreatiewe maniere wat aan ons land se komplekse probleme aandag gee op 'n manier wat mense hoop gee. Soos hy dit by navraag verwoord het, "ons het gewerk met die gedagte wonderwerke is harde werk".

Nog 'n welkome uitkoms, so is na afloop gehoor by van die konferen-siegangers, was die geleentheid om netwerke te bou. 'n WhatsApp-groep, #integritas2024, is ondermeer begin om kontak te behou.

Maitland Gemeenskapskerk
(NG en VG Kerk)

'Ons kan saam meer bereik'

Die eenwording van die NG en VG gemeentes in Maitland, was al ’n paar jaar op die tafel. Maar toe die een gemeente se kerkgebou afbrand en die ander gemeente sonder ’n leraar sit, het die idee nuwe dringendheid gekry, berig **Heléne Meissenheimer.**

Maitland: ’n Bedrywige kosmopolitaanse voorstad

Maitland, een van die oudste Kaapse voorstede, het ook die twyfelagtige eer dat dit die grootste begraafplaas en krematorium in die Wes-Kaap huisves. Dit is ’n bedrywige voorstad gevul met fabrieke en kantoorgeboue omsoom deur treinspore en snelweë. En binne hierdie vinnigveranderende omgewing bevind die NG gemeente Maitland (190 lidmate) hulle reeds 120 jaar. Nie ver van hulle nuutherboude kerkgebou nie (skaars vier minute se ry volgens Google Maps) is die VG gemeente wat in 1916 gestig is met ’n lidmaattal van sowat 450.

Dit is hier waar ds Andrew Esterhuizen hom sedert laasjaar bevind as leraar. Hy is op 1 September 2023 op kontrak van een jaar as hulpleraar aangestel by die VGK-gemeente. Die proses na eenwording was toe reeds ver gevorder al was die NG gemeente toe reeds vir ’n paar maande sonder ’n vaste leraar. Hulle vorige leraar, ds Juanita Greyvenstein, wat ook ’n sterk bydrae gemaak het tot die eenheidsproses, het daardie jaar ’n beroep na Mpumalanga aanvaar.

Esterhuizen het ervaring met sulke prosesse. Hy was getaak met die eenwording van die NG en VG gemeentes op Touwsrivier. Hy het op 23 Julie 2017 die eerste VGK-dominee geword wat ook ’n leraar van ’n NG gemeente geword het. (lees meer in *Kerkbode* 10 November 2017).

Maitland Gemeenskapskerk het op Sondag 4 Junie hul 120ste bestaansjaar gevier, asook die inhuldiging van die gerestoureerde kerkgebou ná 'n verwoestende brand in Desember 2018. Foto's: Le Roux Schoeman / Kerkbode

Met ons aanklop om meer te hoor by hom, het hy egter gevoel hy is nie al een wat insette moet lewer op *Kerkbode* se e-posnavrae nie. Sy vyf bladsye verslag van sowat 1 900 woorde bevat daarom ook insette deur ds Helgard Pretorius van Pinelands-gemeente, ds Bossie Muller van Culture Connect en kerkraadvoorsitter Dora Jacobus, getrou aan die samewerkende aard van die posisie waarin hierdie gemeentes hulle deesdae bevind.

Probleem: Skuiwe in demografie

Esterhuizen se verslag vermeld dat die NG gemeente vanaf die tagtigerjare al meer bruin en swart gesinne, asook immigrante, by die gemeente sien inskakel het, namate mense agter werksgeleenthede aan hierheen verhuis het (Daar woon sowat 10 000 mense in dié woonbuurt, waarvan die meeste swart en bruin inwoners, volgens die 2011-sensus).

Die gemeente het probeer om ’n toenemend multikulturele konteks op ’n pro-aktiewe manier te omhels. So is die naam weldra verander na Maitland Community Church. Die meeste dienste is in Engels aangebied om lidmate wat nie Afrikaans verstaan nie tegemoet te kom. En daar is moeite gedoen om gemeente-etes te reël en uit te reik na die hawelose mense van die omgewing.

Intussen is vennootskappe gevorm met aanliggende gemeentes. Voorbeelde hiervan is die Siyafunda Beurs, ’n gesamentlike NG en VGK bediening bestaande uit vyf gemeentes, en die Maitland Vennootskap saam met die NG gemeentes van Pinelands, Welgemoed, Kenridge en Groote Kerk. Die hulp wat so ontvang word is nie net geldelik nie, maar sluit ook in om projekte saam te doen, saam te bid en kanselruiling. Dit is in dié ervaring van saam bid, saam projekte aanpak en so meer dat daar ’n oortuiging begin posvat het dat Maitland se twee gemeentes hulle eenheid in Christus moet begin beliggaam.

Terugblik: Dít het gewerk

Die verslag lig in detail uit watter

skuiwe en stappe wel gehelp het dat die twee gemeentes se reis na eenheid nie ontspoor nie.

Saam vergader

Dit was geweldig traumaties vir die NG gemeente toe hulle 115-jarige gebou in 'n brand verwoes is in Desember 2018. Die verslag meld dit was 'n eksistensiële krisis, maar dit het ook die eenheidsproses 'n meer dringende momentum gegee. Maitland se VGK-gemeente was sonder predikant, so ds Greyvenstein het na hulle uitgereik oor die hou van gesamentlike dienste met haar as prediker.
Die uiteindelike gevolg hiervan was dat sy as hulpleraar by die VGK bevestig is en die twee gemeentes se kerkrade begin het om saam vergadering te hou wat ds Aubrey Marais, die VGK-gemeente se konsulent, ook bygewoon het.

Reaksie op kosnood

Nog 'n gesamentlike projek wat goed gewerk het, was die sopkombuis Helpende Hande, wat die twee gemeentes saam bedryf het om te help met die kosnood in hulle gemeenskap tydens die Covid-pandemie.

Die spreekwoordelike 120 kersies op die koek was die feesdiens wat die gemeentes saam gereël het vir 4 Junie om twee mylpale te vier, naamlik die opening van die NG gemeente se herboude kerkgebou (met "nuwe innoverende geriewe soos 'n plek van veiligheid vir weerlose vroue asook deeltydse werkspasie vir kantoorsoekers" – *Kerkbode* 5 Junie 2023) asook die NG gemeente se 120ste bestaansjaar.

Dit was geweldig traumaties vir die NG gemeente toe hulle 115-jarige gebou in 'n brand verwoes is in Desember 2018, maar dit het ook die eenheidsproses 'n meer dringende momentum gegee. Foto: Le Roux Schoeman / Kerkbode

Kundige bystand

Kundige bystand het ook gehelp. Greyvenstein het uitgereik na die Wes-Kaapse sinode en so het di Bossie Muller en Stephen Pedro vanuit die diensgroep vir gemeentebegeleiding betrokke geraak. Hulle het die twee kerkrade gehelp om openlik te praat oor uitdagings, vrese en vrae. Muller is ook betrokke by Culture Connect, 'n projek van die Beyers Naudé-sentrum van die Universiteit Stellenbosch wat fokus op verhoudingsbou in gemeentes en ander gemeenskapsgroepe.

Geleenthede is geskep dat mense hulle stories vir mekaar kon vertel en so mekaar kon leer ken, respekteer en aanvaar. Na Greyvenstein aan die begin van 2023 'n beroep aanvaar het na Mpumalanga, het ds Helgard Pretorius van Pinelands as konsulent ingeskakel wat gehelp het dat die proses na eenwording kon voortgaan tot Esterhuizen in September aangestel is. Esterhuizen het met sy ervaring vanuit Touwsrivier se eenheidsproses gehelp dat 'n taakspan vanuit altwee gemeentes saamgestel word.

Memorandum van Ooreenkoms

Die gebruik van geskrewe hulpbronne het gemoedsrus gegee. Dit sluit in dokumente soos die Memorandum van Ooreenkoms en die Roetekaart oor kerkhereniging van 2012, die Tussenorde van 2015 asook 'n pastorale brief wat in 2017 deur beide moderature van die VGK en NG Kerk landwyd uitgestuur is om gemeentes aan te moedig om met eenheidsprosesse te begin.

Einde Desember 2023 was 'n konsepooreenkoms gereed. In Februarie vanjaar het die taakspan dit bekragtig en in Maart het die gesamentlike kerkraad dit goedgekeur. Na beide die betrokke VGK en NG Kerk-ringe die ooreenkoms goedgekeur het, het die twee gemeentes op 27 Oktober 2024, Hervormingsondag, amptelik een gemeente geword.

Beperkinge

Altwee gemeentes se inkomste is beperk. Die bystand van die vennootskappe het onder meer gehelp dat Esterhuizen aangestel kon word. Sy kontrak is vanjaar met 'n jaar verleng. Gegewe sy ouderdom (72) is dit moontlik dat 'n beroep vir 'n nuwe leraar mag nodig wees binne die volgende paar jaar.

Daar was ook kritiek vanaf lidmate uit altwee gemeentes, maar die verslag skryf dit toe daaraan dat mense worsteling mag ervaar wanneer hulle uit hulle gemaksone moet beweeg. Werklike teenkanting was min.

Raad

Esterhuizen sê hy hoop regtig hulle storie sal nog gemeentes inspireer om een te word.
Hulle lys die volgende as wenke/raad:
> Bid en volg die leiding wat die Woord oor kerkeenheid gee.
> Elke konteks sal verskillend wees.
> Soek na geleenthede wat lidmate van die twee kerke aan mekaar blootstel.
> Maak gebruik van die Culture Connect en Koinonia-etes.
> Maak gebruik van mense met kundigheid en ervaring om met kerkeenheidsprosesse te help.
> Verbind jou tot die bevordering van kerkeenheid.
> Skep veilige ruimtes waar mense uitgenooi word om hulle stories met mekaar te deel.
> Volg die leiding wat die kerkleierskap oor kerkeenheid gee.
> Lees die dokumente oor kerkeenheid, naamlik die Memorandum van Ooreenkoms en die Roetekaart, die Tussenorde en die pastorale brief.

NG KERK HEIDELBERG WES-KAAP

VAKATURE: VOLTYDSE MEDELERAARSPOS

Ons het in ons onderskeiding hieroor diep geluister na God en mense in ons gemeente en gemeenskap.

Ons is geïnteresseerd in wie jy is en waarmee jy ons kan help om op die reis te gaan om God se wil vir hierdie gemeente te ontdek en te realiseer.

Ons gemeente is 'n gemeente met 1 000 lidmate met twee bedieningspunte. Heidelberg is 'n innoverende landbougemeenskap en Witsand is 'n kusdorp.

Vergoeding is volgens sinodale skaal tot maksimum vlak 12 met 'n pastorie ingesluit in die pakket. Voorkeur ouderdom tot en met 50 jaar.

Vir navrae kontak gerus Nico Steyn – 083 226 3091.

Aansoeke moet teen **8 Desember 2024** gestuur word na: nicosteyn603@gmail.com
Aansoeke moet 'n volledige CV en drie referente insluit.

Diensaanvaarding voor of teen 1 April 2025.

Die Kerkraad behou die reg voor om geen aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

Strydom weef mooi met mistiek, geloof en verwondering

***Daka* deur Jaco Strydom**
Uitgewer: LUCA, 2025
Resensent: Heléne Meissenheimer

Dit is die voorblad wat my die storie wou laat lees. ’n Man lyk klein en weerloos waar hy alleen op sy rug in ’n turkooisblou see dryf. Rondom hom is skuimende branders wat breek op ’n leë strand.

Dit lyk soos wegraak. Salig maar ook riskant.

In Jaco Strydom se eerste fiksieboek, *Daka*, is dit Adam Richter wat wil wegraak. Hy het iets vreeslik gedoen en nou vermoed hy sy lewe is in gevaar. Vir sy wegraak kies hy ’n onbewoonde eilandjie hoog op teen die Ooskus van Afrika. Voor sy vertrek sit hy ’n nuwe naam op sy paspoort: *Daka* – ’n woord wat verskillende betekenisse in vier tale het, maar elkeen gepas vir Adam – nou Daka – se verhaal. En hy besluit hy sal nie weer bid nie.

Strydom het reeds drie Christelike nie-fiksieboeke op sy naam. Hierdie storieboek het ek ervaar lees maklik, want hy skryf soos in sy vorige boeke in ’n taal wat vir ’n wye lesertal toeganklik gaan wees. Hierdie lekkerlees avontuurverhaal is ook mooi deurweef met elemente van mistiek, geloof en verwondering.



So droom Adam as voorstedelike tiener van die rare misterieuse doegong wat algaande ’n groter rol in sy lewe speel – uiteindelik ook die bepalende faktor vir die eiland wat hy kies om op weg te raak.

Die Echo-huise se stigter se liefde vir die wilde Ooskus van Afrika was ’n genot om in te deel. Sy deurleefde en fyn gedetaileerde beskrywings van die mense en die lewe vanaf die Wildekus tot by Zanzibar was by tye vir my meer fassinerend as die storie self. Dalk omdat ek regdeur vermoed het dat ou Adam/Daka oukei sal wees (hy is verstommend *lucky*).

Dit is natuurlik ook ’n boek wat dié skrywer/blogger se waardering vir afsondering in ongerepte plekke uitlig. Strydom begin sy fiksiedebuut dan ook deur die Noorweegse ontdekkingsreisiger, Fridtjof Nansen, as volg aan te haal: “I can tell you deliverance will not come from the rushing noisy centres of civilization. It will come from the lonely places.” Hetsy dit dan is op ’n onbewoonde eiland, of in ’n klooster in die woestyn – soos wat Adam se domineevriend kies om te doen na ’n krisis in sy lewe.

Nog ’n lekker van die boek was om aanhalings en opmerkings raak te lees wat jou lusmaak om ’n penmerk of oorvou te los vir weer lees. Soos hierdie een deur ’n daggarokende hippie-oompie genaamd Joe wat Daka op ’n dhow ontmoet: “The greatest lesson travel has taught us is to look around us with curiosity rather than judgement”.

Dit het my gelaat met ’n gevoel dat hierdie boek enigeen wil aanmoedig om God in mense en ervarings raak te sien, ook tydens tye wat dinge erg verkeerd loop. As Strydom sê hierdie boek was ’n haastige skryf, dan sien ’n mens uit na die ander twee fiksieboeke waarmee hy vertel hy besig is.

Beskikbaar by LAPA.

Heléne Meissenheimer is ’n joernalis wat voltyds vir Kerkbode *oor kerknusgebeure asook mense en gemeentes met inspirerende geloofstories skryf.*

Deur die oog van ’n deurleefde teoloog

***Die heiligheid van hier* deur Cas Wepener**
Uitgewer: Bybelkor, 2024
Resensent: Rethie van Niekerk

Google kon nie vir my sê of daar ’n Latynse “heilige lees”, byna soos die “Goddelike lees” van lectio divina is nie. Tog dink ek daar moet ’n oud-kerk-like woord wees wat die lees-ervaring van ’n werk soos *Die heiligheid van hier* beskryf. Wepener slaag inderdaad daarin om die leser se oë oop te maak vir die “heiligheid van hier” – die oorgange, die gewone lewe, ook die rustige oomblikke waar ek in my leeskamer sit en lees.

Die heiligheid van hier is ’n versameling essays wat almal reeds elders in Afrikaanse koerante verskyn het. “Wat almal saambind,” sê die inleiding, “is die oortuiging dat daar baie meer te sê is oor die werklikheid waarin ons leef as wat die blote oog waarneem.”

Wepener neem waar met die oog van iemand wat die skoonheid van kuns, natuur en letter kan waardeer. Hy neem waar met die oog van ’n deurleefde teoloog, ’n wydbelese letterkundige en iemand wat gereeld besig is met waarheid en hoop spreek (om Brueggemann se beskrywing van die profeet se taak te leen).

Filosofie, antropologie, sosiologie en teologie word met fyn humor en ’n selfs fyner waarnemingsvermoë verweef. Die heiligheid van lewensritmes word subtiel onderstreep. Nie een enkele keer voel die leser asof daar vir haar gepreek word nie. Jy is ’n gespreksgenoot in ’n stylvolle sitkamer, rakke en rakke boeke teen die muur, ’n kaggelvuur wat warm knetter en ’n lekker glas rooiwyn in die hand, terwyl jy luister hoe Wepener dít wat jy netnou nog beleef het, vir jou belig met ’n mymering hier, ’n gedig daar, ’n teorie wat skielik lewend raak.

Wepener verwys na Barbara Brown Taylor se gedagtes oor seën, wat goedskiks net so gepas is vir hierdie boek: “Om iets te seën, is nie om heiligheid oor te dra nie … Om te seën is eerder om heiligheid wat reeds teenwoordig is te herken en te erken.”

Beskikbaar by Bybel-Media.

Ds Rethie van Niekerk is predikant by die NG Kerk Driehoek in Vanderbijlpark.

Ook jy is geroep!

***Geroep vir ’n tyd soos hierdie* deur Farren Cloete**
Uitgewer: Lux Verbi, 2024
Resensent: Karlie Liebenberg

In *Geroep vir ’n tyd soos hierdie* vertel Farren Cloete haar roepingsverhaal, hoe sy deur die soet en die suur van die lewe, deur middel van haar andersheid steeds kies om gehoorsaam te wees aan die Here en veral haar roeping.

In ’n gemaklike, verstaanbare taal daag Cloete haar lesers uit om self na te dink oor hulle roeping. Sy maak dit duidelik dat elkeen van ons geroep is. Elkeen se roeping is uniek en anders. Die kuns is om by God te gaan stilword om jou roeping te ontdek. Nadat jy jou roeping ontdek het is die moeilikste deel om dit uit te leef, want dit vra dat ons uit ons gemaksone moet kom.

As ’n universiteit-klasmaat van Cloete was ek deel van die “Breakfast Club” waarna sy in haar boek verwys, daarom is dit dan ook ’n groot voorreg om die resensie van haar eerste boek te kan skryf.

Doen jouself ’n guns en gaan lees Farren se boek. Mag ons elkeen opnuut deur hierdie boek bewus raak van ons roeping hier op aarde. En mag hierdie boek jou so inspireer om jou roeping te gaan uitleef. Iemand het eendag gesê: “Onthou, die lewe begin buite jou gemaksone.”

Beskikbaar by Bybel-Media.

Ds Karlie Liebenberg is ’n predikant by Bredasdorp-gemeente (gesamentlike gemeente van die VG en NG Kerk).

Burger verdiep jou begrip van verhouding met Christus

***Verbind aan Christus* deur Coenie Burger**
Uitgewer: Bybel-Media, 2024
Resensent: Dewald Niemandt

Hoe lyk dit as gereformeerde mense dieper probeer gaan?

Hierdie vraag lê agter Coenie Burger se nuwe boek *Verbind aan Christus*.

Burger beantwoord dit namens ons Gereformeerdes deur sy diepgaande en tydige skrywe. Hy nooi die leser om die kernwaarheid van die Christelike geloof te herontdek: ons vereniging met Christus. Burger ontsluit hierdie tema op 'n kosbare wyse vir gewone gelowiges deur gebruik te maak van die stemme van die Nuwe Testament en dié van die kerklike tradisie. Van Calvyn tot Murray, van Paulus tot Johannes, help hy ons om te verstaan hoe gereformeerde spiritualiteit lyk en kan lyk.

Die boek is nie net 'n goeie uiteensetting van die teologie nie, maar dien ook as 'n boeiende pastorale gesprek wat die leser aanmoedig op hierdie dieper reis. Voor elke hoofstuk is daar tekste en aanhalings om die gesprekke te begrond in die tradisie. Daarna die uiteensetting van die teologie wat Burger kunstig in verband bring met die daaglikse uitlewing van ons geloof en die kerk se heilige taak.

Burger se breedvoerige insigte oor hoe hierdie waarhede die kerk van vandag kan transformeer, is oortuigend en bemoedigend. Hy beklemtoon hoe die verstaan van ons verbondenheid aan Christus nie slegs teoreties is nie, maar hoe dit prakties geïmplementeer moet word. Hy is eerlik oor sy eie stryd met die intellektualisering van teologie, maar standvastig daarin dat teologie nie net verstaan moet word nie, maar dat 'n mens daarmee moet kan leef.

Hierdie boek is 'n waardevolle bydrae tot die teologiese denke van die Gereformeerde tradisie, maar ook die groter diskoers van teologie in Suid-Afrika. Ek beveel dit sterk aan vir gelowiges en teoloë wat op soek is na 'n dieper begrip van hulle verhouding met Christus en hoe dit hulle geloofslewe en roeping kan vorm.

Beskikbaar by Bybel-Media.

Ds Dewald Niemandt is predikant by die NG Kerk Bryanston.

Moet vir onderwysers en predikante wat by skole betrokke is

***Listen up! The assembly book every teacher needs* deur verskeie skrywers**
Uitgewer: LAPA, 2024
Resensent: Ghisnene Müller

Listen up! is 'n onmisbare hulpbron vir onderwysers, predikante en ouers wat streef na effektiewe kommunikasie met die jeug. Saamgestel deur meer as 70 bydraers, bied hierdie boek 'n vars en praktiese benadering tot betekenisvolle interaksie met leerders.

Die boek is intelligent gestruktureer in vier afdelings, gefokus op laerskole, intermediêr (laat laerskool en vroeg hoërskool), hoërskool, asook die personeelkamer. Hierdie indeling verseker relevansie vir elke fase van 'n leerder se skolastiese reis en vir opvoeders self. Die oordenkings in die boek is in Afrikaans en Engels.

Ek het as predikant die boek oor maande getoets met saalopeninge en dit uiters bruikbaar gevind. Die inhoud is prakties, relevant en gekoppel aan beide die kerk- en skoolkalender, wat dit besonder waardevol maak vir saalopening en ander skoolgebeurtenisse.

Listen up! maak die intimiderende taak van saalopening meer hanteerbaar, met praktiese riglyne vir effektiewe kommunikasie met jongmense. Die diversiteit van bydraers verseker 'n ryke verskeidenheid perspektiewe.

Hierdie boek is 'n moet vir elke onderwyser en predikant wat by skole betrokke is. Dit bied vars insigte en praktiese hulp in 'n era waar betekenisvolle kommunikasie met die jeug uitdagend kan wees. *Listen up!* is meer as 'n boek – dit is 'n onontbeerlike metgesel vir almal wat daarna streef om werklik gehoor te word deur die jonger generasie.

Beskikbaar by LAPA.

Ds Ghisnene Müller is predikant by Verwoerdpark in Alberton.

Meningsvormer waag (en slaag) met eerlike boek vanuit sakewêreld

***The spirit of leadership: Insights from business and faith* deur Reuel J Khoza**
Uitgewer: Penguin Random House South Africa, 2024
Resensent: Frederick Marais

Hierdie is só 'n ambisieuse boek dat ek by voorbaat gewonder het of dit nie gedoem is tot veralgemenende oppervlakkige gemeenplase nie? Wie waag dit om besigheid en geloof so direk met mekaar in verband te bring? Wel, dit is gelukkig nie, onder andere omdat die skrywer se ervaring en opleiding lees soos 'n onwerklike samevoeging van dissiplines en professionele ervaring.

Die skrywer, dr Reuel Khoza, is van dié mees prominente Suid-Afrikaanse sakemanne en -leiers van ons dag. Hy is 'n korporatiewe voorsitter en uitgesproke meningsvormer. Hy is tans onder andere voorsitter van Discovery Bank, president van die Instituut van Direkteure Suider-Afrika, kanselier van die Universiteit van KwaZulu-Natal, voormalige voorsitter van onder andere Eskom, Nedbank en was betrokke by die formulering van die King-kodes oor korporatiewe bestuur. Sy kwalifikasies is in uiteenlopende rigtings soos sielkunde, bemarking en besigheidsleierskap.

Die boek begin dramaties met 'n brief wat dr Khoza in 1999 as voorsitter van die Eskom-direksie geskryf het vir die eeufeesvieringe van Eskom in 2023.

Die brief is bewaar, en by 'n gepaste geleentheid in 2023 oopgemaak en gelees. In die brief voorspel dr Khoza dat teen 2023, Suid-Afrika en Eskom sal terugkyk hoe die groot uitdagings van ons samelewing suksesvol die hoof gebied is.

Die kontras tussen sy optimistiese voorspelling in 1999 en die werklikheid van 2023 kon nie groter gewees het nie, en dit is waaroor hierdie fassinerende boek gaan. Wat het verkeerd geloop en hoe maak ons dit reg?

Hierdie is 'n boek vir Suid-Afrikaners wat op soek is na 'n gids wat waag om met eerlikheid die foute van onder andere korrupsie in die oë te kyk sonder om te verval in pessimisme. Het ek saamgestem met alles? Nee. Is ek bly ek het die boek gelees? 'n Besliste JA.

Beskikbaar by meeste boekwinkels.



Dr Frederick Marais is Dekaan: Skool vir Sosiale Innovasie by die Hugenote Kollege op Wellington.

Solidariteit gaan met kwesbaarheid gepaard, sê voormalige aartsbiskop van Kantelberg

CHRIS JONES

Dr Rowan Williams is ’n Walliese Anglikaanse biskop, teoloog en digter. Hy was die 104de Aartsbiskop van Kantelberg, oftewel die hoof van die Anglikaanse Kerk, ’n posisie wat hy beklee het vanaf Desember 2002 tot Desember 2012.

Hy het ’n groot deel van sy vroeëre loopbaan as akademikus, agtereenvolgens aan die universiteite van Cambridge en Oxford, deurgebring.

Williams het onlangs opgetree by die Bonhoeffer-konsultasie, wat aangebied is deur die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie, aan die Fakulteit Teologie, Stellenbosch. Die titel van sy openbare lesing was: “What does Christian solidarity look like today?” Hy was ook deel van die 10de jaarlikse Volmoed Colloquium wat tussen 1 en 3 November by Volmoed naby Hermanus plaasgevind het.

Sy eerste lesing is so goed bygewoon dat stoele in die Hofmeyr-lesinglokaal van die Fakulteit Teologie ingedra moes word. In hierdie lesing het die klem, soos blyk uit bogenoemde tema, op solidariteit geval en wat dit deur verskillende fases van die (meer onlangse) geskiedenis beteken het.

Volgens Williams het die inhoud van hierdie begrip nie net betrekking op individue nie, maar ook op gemeenskappe. En dit behels meer as net deernis. Dit is ’n “sharing risk”. Die inhoud van solidariteit het oor tyd heen geskuif van “kohesie” (samehang), meer na “mutualiteit” (wederkerigheid).

Solidariteit gaan gepaard met geregtigheid en waarheid, terwyl mag mutualiteit (kan) vernietig. Vir Williams groei solidariteit uit kwesbaarheid. Dit gaan met risiko gepaard.

Ook moet solidariteit onder andere onderskei word van empatie. Laasgenoemde lei nie noodwendig tot veranderende optrede nie. Dit sou maklik kon stop by die intelligente waarneming van iemand anders se behoeftes. Ook moet ’n mens versigtig wees om nie vernederend en paternalisties oor te kom as jy mense benader nie.

Solidariteit egter, gaan daaroor om genesing te bring aan die gewondes. Jy gebruik jou “siel” om te genees. Soos Christus. En dit geld nie net vir jou medemens nie, maar dit raak ook die omgewing. En hoe bewus is ons nie van die gewondheid van die skepping nie!

Dr Rowan Williams (regs) met ds Pieter Grove van die VGK en die skrywer, dr Chris Jones.

Solidariteit gaan daaroor om jou lewe te deel. Dit gaan om in die “genade van die skepping” begrond te wees. Om eenwording deur solidariteit te ervaar, is bevrydend. Solidariteit beveg die magte van die dood met gawes van lewe.

Solidariteit vra ook gesprek. “We must not close down that which must be kept open”. Dit vra geduld. Dit wil hoop gee.

Op ’n vraag uit die gehoor oor die moontlike verband tussen engele en solidariteit, het Williams geantwoord dat daar energie in die skepping is. Daar is kragte wat vir ons werk, en ander kragte wat teen ons werk. Dit is nie-menslike energie wat ons met solidariteit kan bystaan of nie.

Hoe gee ek lewe (ook as ’n groep) as ek self sukkel? het iemand anders gevra. Hierop het Williams geantwoord dat krisisse nie gelokaliseer kan word nie, soos byvoorbeeld die klimaatkrisis. Ons almal is betrokke. Dit is ’n “gedeelde risiko”.

In sy tweede lesing op 1 November in die Raadsaal van die Fakulteit Teologie, het Williams gefokus op “Love, guilt and representation: some thoughts on the Ethics”. Hierin het hy stilgestaan by Bonhoeffer se etiek en die klem het daarop geval dat ons almal deel is van die (spreekwoordelike) probleem. Ons word geïmpliseer. Ons word aanspreeklik gehou – individueel, maar ook gesamentlik. Ons is skuldig. Medepligtig. Ons is in Adam maar ook in Christus.

> **“Solidariteit vra ook gesprek. “We must not close down that which must be kept open”. Dit vra geduld. Dit wil hoop gee.**

Ons behoort so te werk te gaan dat mutualiteit die gevolg van ons optrede is. Ons moet ten alle koste by mense staan. En hiervoor is vertroue nodig. “To stand with the sinner, is to look beyond the sin”.

Weet ons wat ons verantwoordelikhede is? Wat betref die menslike maar ook die omgewing? Dat God reeds almal en alles omarm? En dat ons dit ook moet wees. Want ons is as gevolg van ander.

Ons moet die ander se plek inneem. Nie vervang nie. Ons moet daarin groei. In hierdie proses moet ons elke vorm van “menslike perfeksie” agterlaat.

Die inkarnasie van God beteken dat God geïdentifiseer word met dit waarop mense hoop. En nooit moet ons onsself sien as God nie.

Ons sal nooit “perfectly righteous” wees nie. Die wêreld is gewond. Beskadig. Gekorrupteer. Net soos ons in Adam is, is ons ook genadiglik in Christus.

Wat bedoel Bonhoeffer met solidariteit en skuld? Ons hoef nie paniekerig te word nie. Die wêreld is ons besigheid, omdat ons deel daarvan is asook verantwoordelik daarvoor is. Dit word reeds deur God omarm. Ons moet die glorie van God in die wêreld probeer herstel.

Ook is gebed en bemiddeling belangrik as dit by ons medemens en die skepping kom. Wanneer ons in solidariteit met ander tree, laat ons toe dat hulle persepsies van hulle omstandighede ons beskouing help vorm. Ek verstaan volledig waardeur jy gaan. En nie: ek weet nie presies wat jy nou nodig het nie.

Tog skram Bonhoeffer nie weg van konfrontasie nie. Dit sal gebeur as jy by die gewondes en lydendes (wil) staan.

Op ’n vraag hoe Bonhoeffer oor ’n Waarheids- en Versoeningskommissie sou dink, het Williams geantwoord dat ons nooit die gewig van die waarheid moet onderskat nie. Ook is daar moeilike waarhede, wat nie noodwendig tot versoening sal lei nie.

Prof John de Gruchy het by dieselfde geleentheid gepraat oor: “The ‘happy’ humanist: Ethics, aesthetics & Christian formation” en het onder andere na vier aspekte verwys wat vir Bonhoeffer belangrik was, naamlik geluk, humanisme, die kerk in die sfeer van vryheid, en hoe dit alles bymekaar kom in dissipelskap.

Vir Bonhoeffer het geluk gegaan oor ’n “goed geleefde lewe”. Dit gaan oor seëninge wat jy in Christus (kan) ontvang. Deur Christus te volg, ontdek jy die lewe in sy volheid. In Christus word die mens in vele dimensies van die lewe gelei.

Bonhoeffer het later gedigte begin skryf – veral oor geluk. Dit het op die kompleksiteit van sy gedagtes gewys. Dit is asof hy uit woorde geraak het, behalwe as hy gedig het. Hy ook gedigte oor vriendskap geskryf – aan Eberhard Bethge, sy goeie vriend.

Aan sy verloofde, Maria von Wedemeyer, skryf hy uit die tronk: Moenie dink dat ek ongelukkig is vanweë my omstandighede nie. Ek is elke dag dankbaar vir jou. Dit maak my opgeruimd!

Dit was twee insiggewende gesprekke (en sessies) oor geloofsvorming in die kerk en hoe ons op grond hiervan in die wêreld behoort op te tree.

*Dr Chris Jones is verbonde aan die Beyers Naudé Sentrum vir Publieke Teologie aan die Universiteit Stellen*bosch.

Kaalvoetkennis nodig rondom ‘armoede op voetsoolvlak’

Om te ken behels ’n lyflike kennis. Ons ken juis ook deur ons sintuie. Dit beteken dat my voetsole oor skerp rotspunte en skulpe wat sny loop wanneer ek oor “armoede op voetsoolvlak” in Suid-Afrika lees. Ek dink daar is kennis wat ek slegs kaalvoet kan optel wat nou krities belangrik is in ons land, skryf **Cas Wepener**.

My laerskoolvriendjie se gesin het uit Nederland na Suid-Afrika geëmigreer. En wanneer ek by hom gaan speel het, moes ons ons skoene by die voordeur uittrek en dan op ons sokkies in die huis rondloop. Dit is ’n totaal ander belewenis van ’n ruimte wat jy kry, as jy nie sole tussen jou en die vloer het nie. Wat jy met jou stewels aan nie weet nie, weet jy nou – mat, plank, teëls. Jy voel ook nat vloer, skoon vloer, sanderige vuil vloer. En dikwels is daar een toon wat meer voel as die ander nege tone weens daardie gaatjie in die een sokkie.

Toe ek onlangs weer by Europese mense my skoene moes uittrek, het ek aan die woord “voetsoolvlak” gedink wat ons dikwels in koerantberigte sien. Ek weet wat met “voetsoolvlak” bedoel word. Maar hoe meer ek oor die woord wonder, hoe meer besef ek dat ek op verskillende maniere kan ken en kennis kan hê.

Ook hoe ver vanaf voetsoolvlak ek in ons land leef. As ek terugdink oor my lewe, besef ek dat ek sekere dinge al vir dekades weet, maar nooit besef het nie. Wat natuurlik in sigself iets vertel van hoe ’n mens dinge kan weet sonder om te weet dat jy dit weet. Kom ons noem dit kaalvoetkennis.

Die meeste mense beleef dié soort ken en kennis veral in sekere seisoene van die jaar. So byvoorbeeld trek meer mense hulle skoene en sokkies in die somer uit. Warm seesand wat tussen jou tone deur krul. Rotspunte en skerp skulpe wat jou voelsole gaar steek. Yskoue seewater wat onder jou voete wegtrek en jou in die nat sand tussen seeslakke insuig. En jy besef, dikwels sonder om te besef dat jy besef, dat jy juis deur jou voetsole in voeling is met somer en vakansietyd. Somer ken ’n mens deur jou voete en jou vel, veel meer as deur kopkennis.

Dit is lekker kaalvoetkennis daardie – om so op sokkies die binnekant van ’n Europese huis te verken of deur jou voetsole aan Mosselbaai se strande te vat. Dit is egter nie die voetsoolvlak waarna die ekonome gewoonlik verwys nie – daardie sogenaamde “grassroots level”. Ekonome het gewoonlik arm mense in die oog.

Mense wie se voete loop waar myne nie loop nie; die ellende van ons land raaktrap en so dinge weet wat ek in my wildste verbeelding nie kan sien nie. Want kyk, daar is ken en daar is ken. Dit weet die Bybel ook, want in beide die Grieks en die Hebreeus kan “ken” onder meer ook na geslagsgemeenskap verwys.

Om te ken beteken nie net om met jou verstand ’n artikel oor die ekonomie te snap nie. As jy oud genoeg is sal jy onthou hoe ’n dominee met ’n verhewe stem op die kansel gesê het: “En Abraham het haar beken”. En jy het in jou kinderverbeelding gesien hoe Abraham sy hand na ’n vrou uitsteek en “aangename kennis” sê. Toe nou nie.

Om te ken behels ’n lyflike kennis. Ons ken juis ook deur ons sintuie. Dit beteken dat my voetsole oor skerp rotspunte en skulpe wat sny loop wanneer ek oor “armoede op voetsoolvlak” in Suid-Afrika lees.

Ek dink daar is kennis wat ek slegs kaalvoet kan optel wat nou krities belangrik is in ons land. Die probleem met my is, ek sien nie die brandende bos nie. Ek hoor nie die stem wat vra dat ek dringend, maar dringend, my skoene moet uittrek nie.

Kom ons verbeel ons vir ’n oomblik dis Sondagoggend. Kerk begin 9:00. Ek stap kerk toe of parkeer naby die kerk. Ek stap tot by die ingang, maar daar staan my Nederlandse vriendjie se ma as ouderling wat met ’n wysvinger na my skoene beduie en sê: “Trek uit. Sokken ook, hoor!”

Ek tree kaalvoet oor die drumpel. Eers vanaf die sementblad voor die gebou na die koue leiklipingang en dan stap ek af in die paadjie op die dik rooi mat. En hier is die vrae vir my kaalvoet eksperiment … “wie is God wanneer ek eers my skoene uittrek voordat ek in die kerk instap?” “En op watter manier weet ek nou wie my naaste is?” “Is daar ’n verskil in my kennis van God wanneer ek ongepantser onder my voetsole in die kerkbank sit met die houtvloer onder my sole?” “En hoe voel voetsoolvlak onder my sole wanneer ek hoor ek moet my naaste liefhê soos myself?” “Is daar dalk iets broser aan kaalvoet ken – die ken van God en mens?”

Die seën is uitgespreek en die diens is klaar. En die Hollandse tannie by die deur wil nie my skoene en sokkies vir my teruggee nie. Sy sê nee, betree op voetsoolvlak nou die liturgie van die lewe. En in my hand druk sy ’n teksversie om saam met my te vat, drie versreëls uit ’n gedig van Wilma Stockenström. Ek kyk af en lees:

Om te weet waar ek trap
onderaardse riviere vlermuisstil
vloei, laat my bedeesder trap

En loop die wêreld kaalvoet tegemoet. Ek lees die Sondagkoerant met my vel asof dit in braille geskryf is. En ek weet … dat daar dinge is wat ek nie weet nie. En ek moenie nader beweeg aan die mense op voetsoolvlak in ons land, voordat ek my sandale uitgetrek het nie. Want miskien, net miskien, brand die bos in ons land juis daar waar mense elke dag op voetsoolvlak leef. Ja, daar is ken, en dan is daar kaalvoet ken.

Prof Cas Wepener doseer Praktiese Teologie aan die Universiteit Stellenbosch.

Verstaan die Ou Testament: Pentateug of Heksateug?

SIAS MEYER

In die Joodse tradisie is die Tora by verre die belangrikste teks in die Ou Testament (wat hulle die Tanak sal noem). In die akademie praat ons van die Pentateug, omdat die Tora uit vyf boeke bestaan. Maar daar is ’n probleem met die Pentateug soos ons dit vandag het. Wanneer God vir Abraham roep in Genesis 12 (en 15 en 17) word basies twee beloftes aan hom gemaak. Die eerste belofte is dié van afstammelinge. Hulle gaan wees so baie soos die sterre aan die hemel. Maar waar gaan hulle woon? Nou kom ons by die tweede belofte: God belowe vir Abraham en sy nageslag ’n land met die naam Kanaän. Aan die einde van die Pentateug, aan die einde van die boek Deuteronomium bevind Israel hulleself nog aan die anderkant van die Jordaan en is Kanaän maar net nog ’n belofte. Aan die einde van die Pentateug is die belofte van afstammelinge vervul, want Israel is ’n groot volk, maar die belofte van ’n land is onvervuld.

Hierdie probleem het gemaak dat baie geleerdes deur die jare gewonder het oor hoekom die Heksateug nie ’n amptelike ding is nie. Dan praat ons van ses boeke, die Tora plus Josua. En Josua vertel vir ons van die inname van die land Kanaän. Josua vertel vir ons van die vervulling van die ander belofte wat aan Abraham gemaak is. Gaan lees maar vir Josua 24. Dit klink of die skrywer van daardie hoofstuk ’n soort literêre boog wou terugtrek na Genesis. Die hele verhaal van die aartsvaders af deur die eksodusgebeure tot by die inname van die land word kortliks opgesom en selfs Josef se beendere kom tot rus aan die einde van Josua 24. Baie geleerdes verstaan Josua 24 as ’n poging om ’n Heksateug te skep wat die probleem van die uitstaande belofte van Genesis oplos. Maar in die Judaïsme bestaan die Tora uit net vyf boeke en Josua is deel van die profete (Nevi’im). Hoe het dit gebeur?

Iemand soos die 80-jarige Duitse teoloog Eckart Otto dink dat daar in die Persiese tydvak juis ’n debat was onder Jode oor identiteit. Wat maak van jou ’n Jood? Otto dink dat daar wel aanvanklik iets soos ’n Heksateug was en die Heksateug se antwoord op die vraag was eenvoudig: ’n Jood is iemand wat in die beloofde land woon. Maar wat van die baie Jode wat in Babilon en Egipte gewoon het? Was hulle dan nie Jode nie? Die uiteinde van hierdie debat het gelei tot die Tora, die vyf boeke. Josua is deel gemaak van die profete en die Tora het oorgebly met vyf boeke. Nou is die antwoord: ’n Jood is enigiemand wat die Tora leef, maak nie saak waar hy of sy woon nie. Identiteit word nie bepaal deur waar jy woon nie, maar hoe jy daar leef.

Prof Meyer is ’n professor in die Departement Ou Testament en Hebreeuse Geskrifte aan die Universiteit van Pretoria en 'n lidmaat van NG Gemeente Suidoos-Pretoria (Stellastraat).

Nadia Marais

Stuur Amptelike Nuus na kerkbode@tydskrifte.co.za — **Hierdie kennisgewings is op 22 November 2024 opgedateer.**

BEROEP
Ds M (Mardi) Badenhorst van Carnarvon na Humansdorp-Oos; ds S (Samantha) Chamberlain van Suiderstrand na Hottentots-Holland; prop dr A (Anine) Fischer na Queenswood; prop J (Jacques) Heymans na Kameeldrif; ds M (Morné) Jacobs van Paardekraal-Monument na Wierdapark; prop JP (Johan) Mostert na Levubu; ds SH (Hennie) Pienaar van Dalpark na Schweizer-Reneke; prop dr PM (Petria) Theron as diensleraar na Potchefstroom; prop dr EA (Eddie) Turner na Windhoek-Oos; ds GHG (Gerrit) Vosloo van Nelspruit-Suid na Witrivier.
AANVAAR
Ds M (Mardi) Badenhorst van Carnarvon na Humansdorp-Oos; ds MMD (Marius) Britz (emeritus) na Nuwerus; ds C (Christo) Nel van Riebeeckstad na Wesselsbron; prop EA (Eddie) Turner na Windhoek-Oos; ds GHG (Gerrit) Vosloo van Nelspruit-Suid na Witrivier.

WES-KAAPLAND
BEROEP
Ds Samantha Chamberlain is vanaf NG Gemeente Suiderstrand na Familiekerk NG Hottentots-Holland beroep tydens die beroepingsvergadering van Familiekerk NG Hottentots-Holland gehou op Dinsdagaand, 22 Oktober 2024. (Yolandi de Leeuw, skriba, 25.10.2024).
BEVESTIGING
Ds MMD (Marius) Britz van Langebaan het die beroep na NG Kerk Nuwerus aanvaar en is op Sondag 3 November 2024 bevestig. (Anna-Maré Mostert, skriba/kassier, 14.10.2024).
DEMISSIE
Die NG Kerk Suider-Strand het onlangs 'n Reglement 21-proses gevolg weens bedryfsvereistes. Ds Samantha Chamberlain en ds Carel Smith ontvang hulle demissie op 20 Oktober 2024, wat geld vanaf 31 Oktober 2024, met volle behoud van bevoegdheid. (Sel-Marié Brand, admin-bestuurder, 15.10.2024).
EMERITAAT
Die kerkraad laat weet dat ds Jakes (Jeremia) Barnard, na 35 jaar van diens aan die NG Gemeente Saldanha, emeriteer. Ons is dankbaar vir sy getroue diens in God se koninkryk op verskeie vlakke en op verskeie terreine hier aan die Weskus. Hy het sy Akte van Demissie by emeritaat, gedateer 31 Oktober 2024, ontvang op Sondag 27 Oktober tydens sy afskeidspreek. (Ds Kotzé Olivier, leraar: NG Kerk Saldanha, 24.10.2024).

KWAZULU-NATAL
BEVESTIGING
Op Sondag, 10 November 2024, is ds Tertius Naudé bevestig as predikant van NG Noordkus (Ballito Gesinskerk). (Leonie Spangenberg, skriba: NG Noordkus, 11.11.2024).

OOS-KAAPLAND
BEROEP
Ds Mardi Badenhorst van NG Gemeente Carnarvon is beroep na NG Gemeente Humansdorp-Oos. (Erina de Jager, saakgelastigde, 15.10.2024).
Proponent dr Anine Fiscer is beroep na NG Gemeente Queenswood. (Anneli Roux, saakgelastigde: NG Gemeente Queenswood, 08.11.2024).
BEVESTIGING
Ds Mardi Badenhorst van Carnarvon het die beroep na Humansdorp-Oos aanvaar en word op 19 Januarie 2025 bevestig. (Ds Erina de Jager, leraar: Humansdorp-Oos, 29.10.2024).

VRYSTAAT
BEVESTIGING
Ds Christo Nel van NG Gemeente Riebeeckstad het die beroep aanvaar na NG Gemeente Wesselsbron. Sy bevestiging as leraar, gehanteer deur ds Rene Wessels, is op Saterdagmiddag 23 November en sy intreepreek is Sondag 24 November. (Adri Marx, gemeentekoördineerder, 11.10.2024).

GOUDLAND
BEROEP
Die kerkraad van die NG Moedergemeente Schweizer-Reneke het, op sy vergadering van 3 November 2024, vir ds Hennie Pienaar van die NG Gemeente Dalpark beroep. (Gwen Fourie skriba: NG Moedergemeente, Schweizer-Reneke 04.11.2024).
Hiermee gee die kerkraad van NG Gemeente Potchefstroom kennis dat prop dr Petria Magdalena Theron as diensleraar met Toegespitse Bediening in Prediking en Erediensleiding na hierdie gemeente beroep is. (Ds HJ Niemand, waarnemende voorsitter van die kerkraad, 07.11.2024).

NOORDELIKE
BEROEP
Hiermee bevestig die kerkraad van die NG Gemeente Levubu dat hulle op 'n spesiale kerkraadsvergadering van 10 November vir proponent Johan Mostert as leraar vir die NG Gemeente Levubu beroep het. (Ds Petrus Kriel, leraar: NG Gemeente Levubu, 12.11.2024).
Ds Morné Jacobs is vanaf NG Gemeente Paardekraal-Monument na NG Gemeente Wierdapark beroep tydens die beroepingsvergadering van NG Gemeente Wierdapark gehou op Maandagaand, 21 Oktober 2024. (Nicola Niebuhr, skriba, 04.11.2024).
Hiermee gee die kerkraad van Familiekerk NG Kameeldrif kennis dat proponent Jacques Heymans as deeltydse vastetermyn predikant na hierdie gemeente beroep is op 11 November 2024. (Elzaan Nortje, gemeentebestuurder: NG Kameeldrif, 12.11.2024).
DEMISSIE
Hiermee wil die Ring van Suidoos-Pretoria kennis gee van ds Fritz Snyman se demissie by NG Universiteitsoord, wat op 3 November 2024 plaasgevind het. Ds Snyman is op 10 November 2024 om 09:00 by NG Lynnwood bevestig. (Ds Anuschka Smit, studenteleraar: NG Universiteitsoord, 04.11.2024).

HOËVELD
BESTAANSVIERING
Die NG Kerk Randburg het op Sondag 3 November 2024 met 'n geselligheid gevier dat die gemeente al vir 80 jaar bestaan. (Shani Oberholster, administrasie, 16.10.2024).

OOSTELIKE
BEROEP
Ds GHG (Gerrit) Vosloo van Nelspruit-Suid NG Gemeente is op 'n vergadering van die kerkraad op 24 Oktober 2024 as voltydse leraar beroep na NG Gemeente Witrivier. (Tanja Cadle, finansiële beampte, 31.10.2024).
AANVAAR
Ds GHG (Gerrit) Vosloo van Nelspruit-Suid NG Gemeente het die beroep aanvaar na NG Gemeente Witrivier. Hy word aangestel op 'n voltydse kontrak vanaf 1 Januarie 2025. (Tanja Cadle, finansiële beampte, 07.11.2024).

NAMIBIË
BEROEP
Prop dr EA (Eddie) Turner is op 15 Oktober 2024 beroep as voltydse predikant in NG Gemeente Windhoek-Oos, Windhoek, Namibië. (Marétha Nortjé, administratiewe beampte, 17.10.2024).
BEVESTIGING
Ontvang hiermee kennis van bevestiging en ordening van prop EA (Eddie) Turner op 3 November 2024 in die NG Kerk Windhoek-Oos. (Hendrik Koekemoer, kerkraadsvoorsitter, 05.11.2024).

> vervolg van bl 3

Die diaken wat met sy fiets by hulle aanklop

Willie Hoffman kry langdienstoekenning vir 50 jaar diens by NG Kerk Parys-Wes.

Gemeente in die Vrystaat laat weet *Kerkbode:* "Almal hier ken vir Willie Hoffman wat elke Sondag by die hoofdeur van die kerk staan om mense met 'n vriendelike woord te verwelkom.

Sondag 28 Julie 2024, was 'n baie spesiale dag vir hom. Ter erkenning vir sy 50 jaar ononderbroke diens as diaken in die gemeente het Parys-Wes op dié dag 'n oorkonde aan Willie oorhandig om sy diensbaarheid te vier. Familie en vriende het ook die diens bygewoon. Ná die erediens was daar 'n gemeente-ete en die lidmate en familie het heerlik saam

gekuier.

Die 83-jarige Willie is gedurende 1974 voorgestel as diaken en 50 jaar later dien hy steeds. Wat 'n mylpaal! Lidmate van sy wyk sal hom altyd onthou as die diaken wat met sy fiets by hulle aangeklop het. Dan het hy en sy fietsrymaats ook gereeld die langpad gevat. Hy het ook van tyd tot tyd deelgeneem aan die Trap-vir-Bybels-projek, waar daar per fiets van Parys na Bloemfontein gery is om fondse in te samel. As jy dink aan Willie Hoffmann, dink jy ook: fiets! Bo en behalwe sy diens as diaken, is hy 'n groot steunpilaar by die kerk. Hy is altyd bereid om te help waar hy kan, of dit nou 'n slot is wat probleme gee, 'n deur wat herstel moet word, wat ook al, hy kan dit doen, en doen dit goed. Hy is 'n getroue deelnemer aan die weeklikse bidure en dien al etlike jare op die gemeente se eiendommetaakgroep. Oom Willie is sowat 2/3 jaar gelede met kanker gediagnoseer, maar onder omstandighede gaan dit goed. Dankie Willie, jy is 'n voorbeeld vir ander en jou diens aan die gemeente word opreg waardeer!

– Storie en foto: Verskaf

VAKANSIE-AKKOMMODASIE

BLOEMFONTEIN
Oornagverblyf. DSTV, lugreëling, badkamer. Veilige parkering. Naby N1, skougronde, hospitale en inkopiesentrums. Vanaf R250.
Skakel Hanlie, **084 400 2693.**
hanliedevilliers@webmail.co.za

VAKANSIE-AKKOMMODASIE

UVONGO

Selfsorgwoonstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R520 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779.
Webblad: www.grietseplek.com

JEFFREYSBAAI

SANDKASTEEL
2 Slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

PRETORIA

DE GOEDE HOOP-KOSHUIS, bied studentebehuising by die Universiteit van Pretoria asook vir studente wat studeer by ander tersiêre opleidingsentrums. Doen aansoek op ons webblad **https://degoedehoop.co.za/doen-aansoek/** of skakel **079 500 7500** of stuur 'n e-pos na **admin@tukiestate.co.za**

DANABAAI VAKANSIEVERBLBLYF

Netjiese goed toegeruste woonstel.
Mooi see-uitsig.Veilige parkering.
SPESIALE AFSLAG pakette vir seniors: (60+) R1 100 vir 6 nagte of R1 200 vir 7 nagte

Kontak besonderhede.
W/app.of skakel 083 626 0842 of e-pos: rikadevilliers@gmail.com

NG KERK BLOEMHOF

VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR

Enige persoon wat homself of haarself geroepe voel tot die bediening in Bloemhof, met inagneming van die leraarsprofiel, is welkom om aansoek te doen.

Gemeenteprofiel:
Bloemhof is 'n plattelandse gemeente in die Noordwes-provinsie met 'n sterk boerderyinslag. Die gemeente bestaan uit ongeveer 550 lidmate wat ingedeel is in plaaswyke, dorpswyke en wyke in die plaaslike tehuis vir bejaardes.
Die visie van die gemeente is "Wees, Word, Maak Dissipels."
Hier word gepoog om elke individuele lidmaat tuis te laat voel, om sy of haar gawes en talente in die gemeente te gebruik en elkeen ruimte te gee vir sy of haar unieke persoonlikheid.
Ons gemeente het 'n oop hand vir sending en diens van barmhartigheid.

Leraarsprofiel:
- Moet 'n gelegitimeerde leraar van die NG Kerk wees en maksimum 55 jaar oud. Indien getroud, sal dit tot voordeel van die aansoeker wees.
- Moet 'n geesvervulde verhouding met die Here hê en moet met Skrifgetroue prediking, lidmate kan toerus om in 'n lewende verhouding met God te leef.
- Moet goeie menseverhoudinge kan handhaaf, verskille in liefde kan hanteer, bejaardes met deernis kan behandel en ons jongmense kan motiveer om in ons huidige omstandighede die Here te soek en te dien.

Vergoeding en diensooreenkoms:
- Vergoeding sal wees volgens sinodale skaal en pligte soos in Artikel 9 van die Kerkorde vervat.
- 'n Ruim pastorie wat insluit munisipale dienste, toegerus met sonkrag, internet, sekuriteitskameras en swembad vorm deel van die pakket.

Aansoeke:
- Stuur aansoeke per e-pos na ngkerkbloemhof@nwet.co.za
- Verkorte CV nie langer as vier bladsye nie.
- Drie verwysings asook die kontakbesonderhede van elk.
- Moet bereid wees om te kom vir 'n preekbeurt en beskikbaar wees vir 'n onderhoud na die erediens. Indien getroud, moet die eggenoot tydens die onderhoud teenwoordig wees.

Pos aanvangsdatum: 1 April 2025.
Sluitingsdatum vir aansoeke: 6 Januarie 2025 om 16:00.

Navrae:
- Ouderling Charles de Beer (voorsitter van die kerkraad) 082 856 5430.
- Mev Karen Jacobs (skriba/kassier) 083 333 4431.

Die kerkraad behou die reg voor om geen aanstelling uit die aansoeke wat ontvang word, te maak nie.

NG VAALWATER

VAKATURE: LERAAR – VASTETERMYNKONTRAK

(drie jaar met wedersydse opsie om te verleng)

Hierdie pos bedien Vaalwater- en Waterberg-gemeentes in kombinasie, met die primêre bediening op Vaalwater.

Leraarsprofiel:
- Van die leraar sal verwag word om ampspligte uit te voer volgens Artikel 9 van die Kerkorde.
- 'n Ervare prediker.
- Persoonlike vaardighede om die bediening met toewyding in 'n plattelandse bosveldplaasgemeenskap te hanteer.
- Die bediening sluit in die pastorale versorging van Bosveldsig-aftreeoord in Nylstroom.
- Soos in alle plattelandse gemeentes, is die volle spektrum van jeug tot senior lidmate teenwoordig, en die bedienaar moet in staat wees om almal te bedien.
- Beide Vaalwater- en Waterberg-gemeente het 'n eie identiteit en die bedienaar moet die vermoë en aanvoeling hê om te midde van die sekulêre wêreld, beide gemeentes optimaal te bedien.
- Aangesien beide gemeentes in die Waterberge geleë is, is dit belangrik dat beide steeds bakens van lig en lewe van die Koninkryk van God in hierdie omgewing sal wees.

Vergoeding:
Die vergoedingspakket (TKVI) ten opsigte van traktement, byvoordele en behuising sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word met inagneming van die huishoudelike omstandighede van die aansoeker. Behuisingsopsies is beskikbaar in beide Vaalwater en Nylstroom.

Aansoeke:
Stuur 'n volledige CV (nie langer as vier bladsye nie), met ten minste twee toepaslike referente, na die skriba van NG Gemeente Vaalwater, by kantoor@vaalwater.ng.org.za (nie later as **13 Desember 2024** nie).

Navrae:
Ronel Olivier (voorsitter van die kerkraad van NG Gemeente Vaalwater): 082 785 5732.
Ds Charl Bredell (voorsitter van die kerkraad van NG Gemeente Waterberg): 082 469 2499.

NG SPRINGS-NOORD

VAKATURE: VOLTYDSE VASTETERMYNLERAAR

Die kerkraad wag in biddende afhanklikheid van die Here, aansoeke in vir die pos van bedienaar van die Woord.

GEMEENTEPROFIEL:
- Springs-Noord is op die Oos-Rand in Gauteng. Gemeente maak deel van Ring van Delmas.
- Lidmaatgetal: belydend 554 en doop 108.
- Besoekpunte: 413.

KANDIDAAT:
Die kerkraad het besluit om nie 'n vereiste te stel ten opsigte van die kandidaat se diensjare en ondervinding nie en sal alle aansoeke oorweeg. Van die kandidaat sal verwag word om die gemeente te bedien in alle fasette van die gemeentewerk soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde. Die volgende vereistes is van besondere belang vir die kerkraad:
- 'n Sterk Gereformeerde teologie-uitkyk met 'n besonder klem op die suiwerheid van die leer soos verwoord in die kerk se belydenisskrifte.
- 'n Passie vir die bediening van die Woord in alle fasette van die gemeentewerk.
- Entoesiasme vir die opbou van die gemeente deur persoonlike kontak met lidmate, pastoraat en huisbesoek.

VERGOEDING:
Die vergoedingspakket is onderhandelbaar met die sinodale skaal en ander voordele en riglyne as basis. Applikant het 'n keuse tussen pastorie of behuisingsubsidie.

AANSOEKE:
- Alle aansoeke moet vergesel word van 'n volledige CV, twee onlangse getuigskrifte sowel as name en nommers van referente, asook Akte van Legitimasie
- Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud.
- **Sluitingsdatum: 15 Januarie 2025.**

STUUR AANSOEKE AAN:
Die voorsitter van pre-advies kommissie: info@ngkspringsnoord.co.za

Navrae: Frikkie Smith 083 601 5183 of Diek de Beer 082 353 2907.

Die volgende Kerkbode verskyn op 6 Desember.

NG GEMEENTE LOXTON

VAKATURE LERAARSPOS: (VASTE TERMYN TWEE JAAR – HERNUBAAR)

Gemeenteprofiel: Loxton is 'n klein, boomryke, rustige Karoodorp. Geleë tussen buurdorpe Beaufort-Wes, Victoria-Wes, Carnarvon en Fraserburg op die R63. Die gemeente is in 1899 gestig en die kerkgebou was vanjaar 100 jaar oud. Die kerkgebou sit in die middel van die dorp en ons wil dit as simbool sien van waar dit in ons lewe is.
Daar is geen groot afdelingwinkels nie, slegs 'n kliniek en die dokter kom op 'n Dinsdagoggend. Die gemeente bestaan uit vier plaaswyke en een dorpswyk. Die meeste besoekpunte is per grondpad.

Leraarsprofiel: Enige gelegitimeerde leraar, emeritusleraar, of proponent van die NG Kerk wat hom/haar vir 'n paar jaar energiek in diens van die Here op die platteland beskikbaar wil stel, word uitgenooi om biddend aansoek te doen. In aansluiting by die ampspligte soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde is dit vir die gemeente belangrik dat die leraar.

- Beskik oor goeie organiseringsvermoë.
- Geldige rybewys het en ervaring het van op grondpaaie bestuur.
- Behulpsaam wees met fondsinsamelingsprojekte.
- Wyksbyeenkomste reël en hou.
- Huisbesoek/kuier in die gemeente.

Vergoeding en voordele:

- Onderhandelbaar.
- Gratis pastorie met munisipale dienste.
- Kerkvoertuig vir gemeentewerk met onderhoud en brandstof rekening vir die kerk.

Aansoeke:
Stuur volledige CV per e-pos voor of op **15 Desember 2024** na ngkerkloxton@yahoo.com
Name en kontakbesonderhede van drie onlangse verwysings.
Kandidate wat oorweeg word kan vir 'n preekbeurt en 'n gesprek genooi word.
Met die indiening van 'n CV gee kandidate toestemming dat die inligting soos vervat in hulle CV, onderworpe aan die terme en bepalings van die POPI-wetgewing, deur die NG Gemeente Loxton vir die beroepingsproses gebruik kan word en om self ook inligting aangaande die aansoeker in te win.

Sluitingsdatum: 15 Desember 2024. Diensaanvaarding: 1 Februarie 2025.

Navrae:
Oudl GF Spies 082 378 1937.
Skriba: M Meintjes 072 626 4136, e-pos: ngkerkloxton@yahoo.com

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak uit die aansoeke wat ontvang is nie.

NG KERK DE AAR-NOORD

LERAARSPOS – UITNODIGING TOT BEROEPINGSPROSES

Die NG Kerk De Aar-Noord nooi jou hartlik uit om deel te word van ons beroepingsproses. Ons is op soek na 'n leraar wat saam met ons 'n pad van geloof wil stap, iemand wat ons gemeente se uniekheid en ons lidmate se diep waardes sal omarm.

Ons het spesifieke behoeftes geïdentifiseer:

- **Eredienste wat lewe gee:** Eredienste is vir ons belangrik – dit is immers waar ons God ontmoet. Ons geniet dit om te sing en wil graag 'n atmosfeer van sang en aanbidding skep wat ons lidmate sal verryk en bemoedig.
- **Hart vir die mense:** Ons soek 'n leraar wat opreg omgee en ons lewens met warmte en sorg sal betree, iemand wat bereid is om die ekstra myl saam met ons te loop, veral in tye van nood.
- **Waardering vir ons senior én jonger lidmate:** Ons gemeente is geseën met senior lidmate met wysheid en stabiliteit en 'n diepte van ervaring wat ons waardeer en koester. Terselfdertyd het ons ook 'n groeiende groep jonger lidmate met energie en nuwe perspektiewe wat ons geloofsgemeenskap verryk.
- **Ruimte vir almal:** Ons droom is om God se koninkryk uit te brei en alle mense welkom te laat voel, ongeag agtergrond of verskille. Ons wil 'n tuiste wees waar almal by ons kan inskakel.

Ons gemeente bestaan uit 354 lidmate en 82 dooplidmate, wat 'n balans bied van jong en ouer geslagte wat saam die geloof leef.

Ons bied 'n **hartlike en ruim pastorie** aan vir jou en jou gesin, en vergoeding is onderhandelbaar tot **skaal 2**, sodat jy met geruste hart en ondersteuning die pad saam met ons kan stap.

As hierdie uitnodiging jou hart roer, en jy voel geroep om deel van ons geloofsfamilie te word, nooi ons jou om aansoek te doen.
Stuur asseblief 'n verkorte CV met ten minste twee verwysings voor of op **3 Januarie 2025** aan ons by ngkdanoord@gmail.com
Aanvangsdatum: 1 Maart 2025.

Navrae kan gerig word aan:

- Ds Frans: 082 859 2092.
- Corrie: 084 874 6979.
- Philip: 083 293 8577.

NG GEMEENTE BETHANIE

Namibië

VAKATURE: DEELTYDSE VASTETERMYNPOS - TWEE JAAR EMERITUS/LERAAR/DIENSLERAAR

In biddende afhanklikheid van die Here nooi die kerkraad gelegitimeerdes van die NG Kerk uit om vir hierdie leraarspos aansoek te doen.

GEMEENTEPROFIEL:
Bethanie is 'n familiegrootte plattelandse gemeente binne die Sinode van Namibië en is ongeveer 140 km noordwes van Keetmanshoop geleë. Die gemeente het ongeveer 100 lidmate. Die gemeente is opgedeel in drie wyke. Die afstand van besoekpunte is tot 150 km van die dorp af, meestal grondpaaie. Kleinveeboerdery is die hoof ekonomiese aktiwiteit in die omgewing. Die lidmate se gemiddelde ouderdom is 57 jaar.

LERAARSPROFIEL:
Ons sien met verwagting uit na 'n leraar wat:

- 'n Lewende verhouding met God het.
- 'n Leraar wat ingestel is op persoonlike kontak en wat goeie verhoudinge met almal kan handhaaf.
- 'n Leraar wat 'n passie het vir die platteland en sy mense.
- Begrip het vir die uitdagings van 'n plattelandse gemeente, waar die nodige hulpbronne (skole, winkels, mediese behandeling, ens) nie juis beskikbaar is nie en afstande 'n groot rol speel.
- 'n Leraar wat ook oor 'n ander inkomste beskik.
- Namibiese burgerskap is verkieslik en sal voorkeur geniet by beoordeling van aansoeke.

PLIGTE:

- Die gemeente plaas 'n hoë premie op Skrifgetroue prediking en getroue huisbesoek en siekebesoek.
- Daar word van die leraar verwag om twee eredienste per maand, een op Bethanie en een in 'n wyk, te hou.
- Die leraar moet een week huis-/pastorale besoeke per maand doen.
- Bedien en begelei die gemeente volgens Artikel 9 van die Kerkorde.

VERGOEDING:

- Aangesien ons 'n kleingemeente met unieke bedieningsbehoeftes is, verwag ons van die leraar om 'n verminderde werkslading teen verminderde vergoeding te aanvaar.
- N$ 250 000 per jaar voor belastingaftrekkings word aangebied.
- 'n Gerieflike, gemeubeleerde pastorie is as behuising beskikbaar met dienste ingesluit en internettoegang. (Inwoning is verpligtend).
- 'n Bakkie is beskikbaar vir amptelike reisverpligtinge.
- Dit staan die leraar vry om die tye wat hy nie aan diens is in Bethanie nie, met buurgemeentes, wat moontlik vakant mag wees, reëlings te tref om teen vergoeding, daar te bedien of dan iets anders te doen om sy inkomste aan te vul.

AANSOEKE:
Stuur persoonlike besonderhede, 'n kort CV (drie bladsye), asook die name en kontakbesonderhede van drie referente aan die kerkkantoor: ngkbet@gmail.com
Kandidate, wat kortlys haal, moet beskikbaar wees vir 'n virtuele onderhoud.

Sluitingsdatum: 15 Januarie 2025. Aanstellingsdatum: 1 Julie 2025.

NAVRAE:
Mev Minette Viviers, skriba, + 264 81 246 1693.
Ds G P Peens, brugleraar, +264 81 475 7268 of +27 82 372 6768 (WhatsApp).
Epos:gieppeens@gmail.com

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

KONTAK ONS

Teken in op *Kerkbode:* Viona Ross
Tel 021 864 8278, E-pos: vionatydskrifte.co.za.
Besoek **www.kerkbode.co.za**

Redaksie:
Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

Redakteur:
Le Roux Schoeman
E-pos: leroux@kerkbode.co.za

Uitvoerende joernalis:
Heléne Meissenheimer
E-pos: helene@bmedia.co.za

Proefleser:
Lambert Jacobs

Projekkoördineerder
Maryke Hansen
E-pos: maryke@bmedia.co.za

Advertensies en vakatures:
Hanlie Raath
Sel 072 357 8914
E-pos:
woes@mweb.co.za
Medewerker
Mercial Adonis
madonis@bmedia.co.za

Kleinadvertensies en amptelike nuus:
E-pos:
kerkbode@tydskrifte.co.za

Die vakature-advertensies verteenwoordig die standpunte van die adverteerder en nie noodwendig dié van *Kerkbode* nie.

So raak Xhosa-taallesse 'n 'hoogtepunt', vertel Baaise leraar

Die groepie mense wat vanjaar by NG Gemeente Kraggakamma in Gqeberha (Port Elizabeth) vir gratis Xhosa-taallesse begin kom het, het 'n omgeegroep geword wat weekliks stories uitruil oor nuwe verhoudings wat oor taalgrense gebou word. Dit is iets so maklik, hy hoop ander gemeentes wil dit ook probeer, skryf **ds Toit Wessels**. Hy vertel meer.

As student was ek eendag by 'n praatjie van 'n bekende politieke leier. Een van die studente vra hom toe hoe kan 'n mens as Suid-Afrikaner verseker dat jy gesonde verhoudings met jou medemens het. Dadelik kom die antwoord: "Dit is eenvoudig, leer 'n taal wat jy nie verstaan nie en praat met mense in daardie taal."

Eerste Xhosa-taalles

In April vanjaar het ek en 'n groepie mense van Gqeberha (Port Elizabeth) besluit om dit te probeer. Mense is via Kraggakamma NG Gemeente se kommunikasiekanale en die buurt se WhatsApp-groep genooi om Dinsdagaand vir gratis Xhosa-taallesse by die kerkgebou te kom.

Ek het nie geweet hoeveel stoele om uit te pak nie en het dit sommer in die kerk se voorportaal gehou. Op die eerste aand was daar meer as 40 mense, oud en jonk. Sommige het hulle Xhosa-skoolnotas saamgebring.

Van die begin af het die groep se umfundisi, Willie Bezuidenhout (met die I love Jesus-pet), hulle aangemoedig om enige kans te benut om Xhosa te praat. Foto: Verskaf

Ander weer 'n taalhandleiding. Hierna het die woord vinnig versprei en was die gevolg 'n WhatsApp-groep van meer as 50 mense.

Na die gretige wegspring het die groep oor die volgende paar maande kleiner geraak, maar daar was steeds genoeg belangstelling om twee maal per week, op 'n Dinsdagaand en Woensdagoggend klasse aan te bied.

Afgetrede polisieman ons leermeester

Willie Bezuidenhout, 'n afgetrede polisieman wat vlot Xhosa praat, is ons leermeester. Hy het die meeste van sy jare in die Transkei gewoon en gewerk. Willie bied ook taalklasse aan by nog 'n gemeente in die stad. Hy doen dit verniet.

Van die begin af het Willie, met sy I love Jesus-pet op sy kop, dit duidelik gemaak dat hy nie grammatika gaan leer nie. "Ek gaan julle leer hoe om basiese dag-tot-dag gesprekke te voer," het hy gesê en ons aangemoedig om enige kans wat ons kry te probeer om die taal te praat. Hy het gesê ons sal sien hoe waardeer die Xhosasprekende gemeenskap dit.

Ons taallesse het begin met basiese interaksie by die petrolstasie, toe die inkopiesentrum, die etenstafel tot dae van die week en liggaamsdele. Na afloop van elke klas word 'n stemnota met die nuwe woorde opgeneem en per WhatsApp versprei. So kan diegene wat lesse mis ook bybly. Ons lede kan ook vra vir watter woorde/frases hulle graag wil leer.

Taallesgroep word omgeegroep

Oor die afgelope paar maande het die twee groepe eintlik 'n weeklikse omgeegroep geword. Ons eet saam, vier verjaarsdae, ondersteun mekaar as dit moeilik gaan en lag vir mekaar se uitsprake van sekere woorde.

Die groep help mekaar ook om nie net die taal te leer nie, maar ook die kultuur beter te leer ken deur soms 'n unieke Xhosadis saam te eet, of tradisionele uitrustings aan te trek.

Weekliks hoor ons getuienisse oor wat die "nuwe woorde" vir elkeen in hulle verhoudings beteken. Ek deel graag 'n paar:

Tina, 'n jong onderwyseres in die stad: "Een van my graad 12-leerders het vir my 'n brief geskryf om dankie te sê vir die jaar. Sy sluit dit af as volg: Enkosi kakhulu, ndiyaku thanda (baie dankie, ek is lief vir jou). Dit is so kosbaar en dit is wat die lesse vir hulle en my beteken!"

Anja, 'n jong grafiese ontwerper in die stad: "Die Xhosaklasse het my verhouding met my kollega by my werkplek drasties verander. Toe ek haar ontmoet het was ons verhouding baie neutraal, maar met 'n paar Xhosawoorde in my woordeskat en 'n paar gesprekkies later, het haar ware 'mens' uitgekom. Haar persoonlikheid skyn soveel helderder wanneer ons in Xhosa met mekaar praat. Sy geniet dit ook om my nuwe woorde, sinne en gesegdes te leer, want ek stel werklik in haar moedertaal belang. Ek is geensins vlot in Xhosa nie, maar my bietjie kennis het 'n pragtige verhouding tussen ons gebou waarop ek voorheen sou uitmis."

Linda, 'n afgetredene: "Ek het nou die wonderlikste gesprek met die man by die vulstasie gehad."

Anita, 'n afgetrede lidmaat: "Ek het nou met die man wat 'n pakkie afgelewer het, in Xhosa gekommunikeer. Hy het dit so geniet dat ek sy taal praat."

Nou aan die einde van die jaar, was hierdie projek een van my hoogtepunte. Ons gaan vir seker nie gou ophou "leer" nie. Ek dink ook hierdie is dalk iets lekker maklik wat gemeentes kan doen, wie weet, dalk is daar 'n afgetrede Xhosa-onderwyser in jou gemeente.

Enkosi!

Ds Toit Wessels is leraar by NG Gemeente Kraggakamma. Hy is "nog" nie beskikbaar vir aflospreekbeurte in Xhosa nie.

NG KANDELAAR STUDENTEGEMEENTE

VAKATURE: PREDIKANTSPOS

Sluitingsdatum: 10 Januarie 2025.
Dienstermyn: Vaste termyn van twee jaar.
Indienstreding: 1 Mei 2025 of soos onderhandel tydens die onderhoud.

Gemeenteprofiel: Kandelaar is 'n eiesoortige gemeente geleë in Potchefstroom. Dit bestaan uit studente en ander jong volwassenes. Die gemeente se bedieningsfokus is hoofsaaklik die NWU Potchefstroomkampus maar ook ander tersiêre instellings op die dorp. Die gemeente se roeping is om jong mense te help ontdek en wees wie God sê hulle is. Kandelaar is gevolglik 'n dinamiese gemeente met gepaardgaande unieke geleenthede en uitdagings.

Leraarsprofiel:

- Het allereers 'n diep Geesvervulde verhouding met die Here.
- Lewer Skrifgetroue boeiende prediking wat die Bybel lewendig en begryplik vir almal maak.
- Kan 'n erediens lei met deurleefde, kontekstuele prediking, kreatiewe liturgie en teologiese suiwerheid.
- Is innoverend met die bou van interpersoonlike verhoudings sowel as konflikhantering.
- Beskik oor meelewende, dinamiese persoonlikheid wat veral ook in spanverband kan werk.
- Help mense met empatie en begrip om geestelik te groei.
- Is aanpasbaar en is bereid om mense te ontmoet waar hulle is.
- Het 'n spesiale passie vir studente en jong werkendes.
- Goeie kreatiewe energie
- Weens die unieke aard van die gemeente en die bediening sal die volgende gawes tot u voordeel strek:
  - Musiek bediening.
  - Kundigheid in die gebruik van aanlyn en digitale media.
  - Ondervinding of sterk aanleg in die veld van bemarking.
  - Bekwaamheid in administrasie en logistiek.

Vergoeding en diensooreenkoms:

- TKVI-vergoeding volgens sinodale skaal tot en met kerf 6.
- Diensooreenkoms volgens Artikel 9 van die Kerkorde (sal verder in onderhoud bespreek word).
- Vaste kantoorure met die verwagting van beskikbaarheid binne die unieke ritme van die gemeenteprogram.

Aansoekproses: Gelegitimeerde predikante van die NG Kerkfamilie is van harte welkom om aansoek te doen. Stuur 'n volledige CV saam met 'n dekbrief waarin u uiteensit waarom u bevoeg vir en geneë tot die pos voel. U aansoek moet voorts vergesel word van 'n kort video wat meer persoonlike inligting en 'n kort bekendstelling bevat (Wie is jy? Hoekom doen jy aansoek? Iets interessant oor jouself). Indien reeds beskikbaar kan u ook 'n Gallup Strengths Finder by u aansoek insluit.
Stuur aansoeke aan: kandelaaraansoeke@gmail.com

Navrae:

- Ds Sanré Benadé 082 555 3024.
- Kerkkantoor (Ursula Wijnberg) 064 947 4802.
- https://www.kandelaar.org/

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

Dana Snyman

Gedagtes by Cottesloe:

Kerk moet nooit museum word nie

Dit voel of hier op die Cottesloe-koppie in Johannesburg ’n monument moet staan – ’n eenvoudige marmersuil of iets. Iets waardigs.

Dit is hier naby waar die Cottesloe-beraad gehou is, vir baie van ons wat in die kerk grootgeword het ’n soort skelwoord. Cottesloe. Die plek waar die kommuniste die kerk wou oorneem.

Dit is ’n koel Oktoberoggend en ek en my geliefde stap rondkyk-rondkyk hier rond en neem foto’s. Toevallig is dit Hervormingsondag.

In Desember 1960 het ’n stuk of 80 afgevaardigdes van die Wêreldraad van Kerke (WRK) in een van die Universiteit van die Witwatersrand se koshuise – die Cottesloe-koshuis – hier naby vergader om die politieke situasie in die land te bespreek. Die NG Kerk was toe nog lid van die WRK. Iets in ons wil hier wees. Iets in ons is wil hê die kerk se ou woorde moet nuut in ons gebore word.

Dit was ’n paar maande ná die Sharpeville-opstande naby Vereeniging waartydens 69 protesteerders doodgeskiet is toe hulle teen die land se paswettte geprotesteer het. 1960.

Hierdie was toe ’n ander, gevaarlike land en, wel, dit is steeds ’n gevaarlike land. Hier op die koppie staan ’n monumentjie ter ere van die oud-strydders wat in die Anglo-Boereoorlog gesneuwel het, maar van die koperplate is losgebreek en waarskynlik vir afvalyster iewers verkoop. Grafiti oral. Woedende woorde in ’n woedende taal wat ons nie verstaan nie.

Tussen die rotse lê ’n man en slaap, ’n leë bottel langs hom op die grond. Haweloos.

Doer stap ’n ou met ’n kappiebaadjie verby, stadig, het hy dalk ’n mes in sy sak?

By die Cottesloe-skool hier naby wapper ’n verslete nuwe Suid-Afrikaanse vlag. Jy kan nie anders as om te dink nie: Dit is wat van die land geword het: ’n verslete droom, anders as die land wat daardie 80 afgevaardigdes – 79 mans en 1 vrou – dit wou hê.

Van die 79 manlike afgevaardigdes was 18 swart predikante van oor die wêreld heen.

“Afrikaner en Engelssprekende, blank en swart, draaien om elkaar heen en beloeren elkaar. Maar weldra komen er persoonlijke contacten tussen mense van verschillende afkomst,” skryf Visser van’t Hooft, een van die afgevaardigdes. “De Bijbelstudie, de humor van elkaar en die het samen eten (alleen die Hervormde Kerk zat en altijd alleen aan een tafeltje apart) droegen by tot ontdooiing. En ten slotte was er een echte verbroedering. Mense, die niet geneigd waren sentimenteel te worden, waren diep onder de indruk.”

Alan Paton, die bekende skrywer, het die beraad as verteenwoordiger van die Anglikaanse kerk bygewoon.

Die Hervormde Kerk, wat toe ook nog deel van die WRK was, se afvaardiging het nie saam met die ander beraadgangers in die Cottesloe-koshuis tuisgegaan nie. Het glo elke aand in Pretoria gaan oornag.

Aan die einde van die beraad het die beraadgangers ’n verklaring uitgereik wat min of meer daarop neergekom het: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. In elke kerkgebou moet iemand van enige ras welkom wees. Pandemonium! Dr HF Verwoerd het dadelik van regeringskant daarteen beswaar gemaak. Net vier van die NG Kerk se afgevaardigdes was ten gunste van die Cottesloe-verklaring: drr Beyers Naudé, Frans Geldenhuys, Attie van Wijk en prof Willem Landman.

Naudé was destyds die leraar by die NG Gemeente Aasvoëlkop in Northcliff hier in Johannesburg Hy het uit die kerk bedank en die Christelike Instituut help stig, ’n verligte organsie wat Christene oor grense heen bymekaar wou bring. Kort daarna is hy ingeperk deur die noodmaatreëls wat die regering destyds toegepas het. Mag net een mens op ’n slag in sy huis ontvang het. Moes gereeld by die polisiekantoor gaan aanmeld.

Die Cottesloe-koshuis is afgebreek, maar ek en my geliefde neem nog ’n paar foto’s van die koppie af, dan ry ons kerk toe. Na die Aasvoëlkop-gemeente toe, af in DF Malan-rylaan wat Beyers Naudé-rylaan geword het.

Die Aasvoëlkop-gemeente heet ook nou Aan-die-berg.

Ons skuif by een van die banke in. Ds Rudi Swanepoel praat met ’n sagte, wyse stem. Die kerk moet nooit ’n museum word nie, sê hy. Iets van die kerk se verlede moet jy onthou en eer, maar jy kan nie daarby stilstaan nie, soos in ’n museum nie. Jy moet vorentoe leef, altyd maar van die liefde probeer vorentoe gaan.

Ek herinner my aan die skrywer WA de Klerk se woorde: “For years to come the Afrikaans churches would have to grapple with the issues that Cottesloe put on the table.” Dis Nagmaalsondag. Langs my sit ’n swart man. Die blokkie brood lê spierwit in albei van ons se hande.
Ons eet dit en drink die wyn.